# BYLAAG by die
# REKTOR SE BESTUURSVERSLAG aan
# DIE SENAAT

Vrydag 2 Junie 2023

**Prof Wim de Villiers,**

**Rektor en Visekanselier**

# Inhoudsopgawe

1. 'n Florerende Universiteit Stellenbosch ..... 4
1.1 Verslag oor US se bydrae tot volhoubare ontwikkeling ..... 4
1.2 Strategiese Fonds ..... 4
1.3 Waardes in Aksie-werksessies ..... 5
1.4 Voortgesette leergeleenthede sodat die US kan aanhou floreer ..... 5
1.5 Verken kunsmatige intelligensie (KI) in die hoër onderwys ..... 6
1.6 Herbedink die kriteria vir die Samewerkende Onderrig-toekenning ..... 6
1.7 Leer ken SUNLearn teen jou eie tempo ..... 7
1.8 Intreelesings ..... 7
1.9 Bekom aansienlike nasionale toekennings ..... 7
1.10 Institusionele verkiesing ..... 7
1.11 Institusionele Forum en eweknieë ruil beste praktyke uit ..... 7
1.12 Volstoom vorentoe met kapitaalprojekte ..... 8
1.13 Instandhouding en doeltreffendheidsopknappings ..... 10
1.14 Verseker voldoende en veilige inligtingstegnologiedienste ..... 11
1.15 Lewendige skakeling op sosiale media ..... 12
1.16 Hou die US-gemeenskap op hoogte ..... 12
1.17 US in die media ..... 13
1.18 Ooreenkoms om US-blitslyn te bedryf ..... 15
1.19 US-handelsmerk al hoe wyer te sien ..... 15
1.20 Geleenthede soos net die US kan ..... 16
1.21 Biblioteek en Inligtingsdiens 'n kernvennoot in US se sukses ..... 16
1.22 Ondersteuning vir SUNStudent-aktivering ..... 16
1.23 SUNKOM hou sake aan die gang ..... 17
1.24 Suksesvolle tweede kwartaal vir Maties Sport ..... 17
1.25 Sê ons sê as deel van openbare deelname oor kopieregwetsontwerp ..... 19
1.26 Brei vermoë vir gestremdheidsopvoeding en -voorspraak uit ..... 19
1.27 Studentesake bekyk transformasie op dieper vlak ..... 19
1.28 Help vorm die professore van die toekoms ..... 19
2. 'n Transformerende studente-ervaring ..... 20
2.1 Aanlyn aanhang van Nagraadse Kantoor neem toe ..... 20
2.2 Rus nagraadse studente toe vir sukses ..... 20

**2.3 Eenheid vir Gelykwaardigheid bemark hulle dienste** ........ 21
**2.4 Eerstejaarsprestasietoekennings** ........ 21
**2.5 Taalsentrum voeg waarde toe tot studente-ervaring** ........ 21
**2.6 Nuwe studente-hubs amptelik oop** ........ 21
**2.7 Transformasiegesprek tussen studenteleiers en Rektoraat** ........ 22
**2.8 Studentesake hou opedag by Tygerberg** ........ 22
**2.9 Smee van die begin af 'n sterk band** ........ 22
**2.10 Nuwe studente-uitruilprogram verbreed horisonne** ........ 23
**2.11 Omvattende bystand vir beursstudente** ........ 24
**2.12 Studente leer van medemenslikheid** ........ 25
**2.13 Meesterklasse in studenteleierskap ondersoek die leierskapsfilosofieë van Afrika** . 25
**3. Doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke** ........ 26
**3.1 SACEMA bevorder poliosamewerking in Suider-Afrika** ........ 26
**3.2 Kommersiële vennoot vir siklotronprojek bevestig** ........ 26
**3.3 Brei ons internasionale vennootskapsnetwerk uit** ........ 26
**3.4 Taalsentrum 'n vennoot in internasionalisering** ........ 27
**3.5 Skenking van Motsepe-stigting help SR toegang verbreed** ........ 28
**3.6 US-personeel en -studente leer by sportwetenskaplike van Limerick** ........ 28
**3.7 Vennootskapsooreenkoms vir US Sentrum teen Geslagsgebaseerde Geweld onderteken** ........ 28
**3.8 Biblioteek en CliMigHealth-sentrum werk saam om menslike impak van klimaatsverandering te toon** ........ 28
**4. Genetwerkte en samewerkende onderrig en leer** ........ 29
**4.1 Leer meer oor onderrig by Auxin-sessies** ........ 29
**4.2 Uitnodiging om deel te word van EUTOPIA-leergemeenskap** ........ 29
**4.3 Gesamentlike aanlyn werksessies oor inklusiewe onderrig kry goeie aftrek** ........ 29
**4.4 Afrika-instellings bespreek kunsmatige intelligensie en akademiese integriteit** ........ 29
**5. Navorsing vir impak** ........ 30
**5.1 Al hoe meer NNS-gegradeerde wetenskaplikes** ........ 30
**5.2 Digitale platform om met ons impakryke navorsing te spog** ........ 30
**5.3 Invloedryke navorsing besorg US-vakkundiges groot eer** ........ 30
**5.4 CERI-navorsing sal risikogemeenskappe in Afrika suid van die Sahara baat** ........ 31
**5.5 SciSTIP konsolideer navorsing** ........ 31
**5.6 SACEMA-studies lei tot impakryke publikasies** ........ 32

5.7 SciByte-gespreksdokument ondersoek PhD-profiele van akademici in Suid-Afrika... 32
5.8 Nóg 'n belangrike navorsingsleerstoel aan die US toegeken ... 32
5.9 ANO begeester en bou vermoë ... 32
5.10 Biblioteek ontwikkel knap navorsers ... 33
5.11 Ooptoegangpublikasie bevorder navorsingsverspreiding ... 33
6. Voorkeurwerkgewer ... 33
6.1 Voortdurende selfondersoek deur US-omgewings ... 33
6.2 Professionaliseer ons huisvestingspersoneel ... 33
6.3 IT 'n kampvegter vir vrouepersoneel ... 34
6.4 Maties Sport stel nuwe Sportleierskap-hoof aan ... 34
MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE (24 Februarie tot 5 Mei 2023) ... 34

# 1. 'n Florerende Universiteit Stellenbosch

### 1.1 Verslag oor US se bydrae tot volhoubare ontwikkeling

Om saam te val met die viering van 30 jaar van internasionalisering by die US, het ons in Maart 2023 die eerste uitgawe van ons jaarverslag oor volhoubare ontwikkeling, *Sustainable Development for the Africa We Want*, uitgegee. Dit beskryf hoe ons universiteit in die jaar 2021/22 tot volhoubare ontwikkeling in streeks- en wêreldverband bygedra het aan die hand van die Afrika-unie se Agenda 2063 en die Verenigde Nasies se Agenda 2030.

### 1.2 Strategiese Fonds

Altesaam R489,7 miljoen uit die institusionele begroting is sedert 2019 vir die Strategiese Fonds bestem. Daarvan is R438,1 miljoen in die drie fondskategorieë van strategiese inisiatiewe, projekte en aanstellings toegeken (*sien tabel hier onder*). Onbenutte finansiering in enige kategorie word vir hertoekenning na die volgende jaar oorgedra.

| Aansoeke gefinansier (2019-2022) | | | |
|---|---|---|---|
| Kategorie | | Getal aansoeke gefinansier | Waarde |
| A | Strategiese inisiatiewe | 43 | R326 701 862 |
| B | Strategiese wolkekrabber- en stadspleinprojekte | 2 | R39 999 999 |
| C.1.1 | Strategiese aanstellings | 31 | R71 414 505 |

Daar is vanjaar R100 miljoen vir toekenning opsygesit. Aansoeke het op 13 April gesluit (*sien tabel hier onder vir 'n uiteensetting van aansoeke wat ontvang is*), en die Strategiese Fondskomitee het op 24 Mei ontmoet. Vir verdere inligting, raadpleeg die webblad van die Strategiese Fonds.

| Aansoeke ontvang (April 2023) | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Kategorie** | | **Beskikbare begroting** | **Aansoeke ontvang** | **Waarde van aansoeke ontvang** |
| A | Strategiese inisiatiewe | R50 000 000 | 29 | R222 457 793 |
| B | Strategiese wolkekrabber- en stadspleinprojekte | R20 000 000 | 0 | R0 |
| C.1.1 | Strategiese aanstellings | R30 000 000 | 15 | R45 350 322 |

### 1.3 Waardes in Aksie-werksessies

Ons waardes, soos wat *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* en *Kode 2040* dit verwoord, is belangrike aksieriglyne vir die implementering van ons strategie en die vorming van ons institusionele kultuur. Ons moet die waardes deel maak van hoe ons optree, met mekaar omgaan, besluite neem, en etiekuitdagings benader.

Dít is waarom die Universiteit se Waardes in Aksie-projek verskeie werksessies vir die jaar beplan om waardegedrewe gedrag en leierskap onder steunpersoneel en studente te bevorder. Die sessies sal veral klem lê op die integrasie van *Kode 2040*, waarmee ons waardewebblad ook tans bygewerk word.

### 1.4 Voortgesette leergeleenthede sodat die US kan aanhou floreer

Die tweede aflewering van ons **kortkursus Akademieskap van Onderrig en Leer (AvOL)** het op 27 Maart 2023 begin. Die kursus, wat die Sentrum vir Onderrig en Leer in 2022 ontwikkel het, is bedoel vir dosente wat navorsing oor hulle onderrig-, leer- en assesseringspraktyke wil onderneem. Deelnemers word bygestaan om 'n navorsingsvraag te identifiseer en akkuraat te verwoord en dan 'n behoorlike wetenskaplike studie aan die hand van onderwysteorie te onderneem.

Ná 'n inleidende sessie aanlyn het vanjaar se kohort van 41 akademici uit nege van ons fakulteite op 19 April hulle eerste kontaksessie gehad. Hier het hulle die verband tussen AvOL en onderwysnavorsing sowel as filosofiese standpunte in navorsing bespreek.





Die eerstesemesterinname vir die **kortkursus oor assessering** bestaan uit 19 deelnemers (*foto's langsaan*) van die fakulteite AgriWetenskappe, Lettere en Sosiale Wetenskappe, Opvoedkunde, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW), Ingenieurswese, Krygskunde én die Taalsentrum. Sessies het in Maart begin. Prof Ronel du Preez-Snyman, EBW se visedekaan van Leer en Onderrig, woon die kursus as 'n waarnemer by om die fasiliteerders van kritiese terugvoer te voorsien.

Vanjaar se tweede kontaksessie van die **kortkursus Akademieskap van Onderwysleierskap** is op sy beurt op 21 April aangebied (*foto regs*). Die sessietema was "Leierskap in kurrikulum", en deelnemers is by leeswerk, kritiese besinning en groepwerk betrek.





Leer- en Onderrigverryking se eerste kwartaallikse **seminaar oor onderrig, leer en assessering (OLA)** vir 2023 het op 16 Maart plaasgevind. Die spreker, prof Ashraf Kagee (Sielkunde) (*links*), wat van 2021 tot 2022 'n genoot van die nasionale program Teaching Advancement at University (TAU) was, het gesels oor hoe om navorsingsgerigtheid deel van 'n Sielkunde-honneursmodule te maak. Vir die tweede seminaar, wat op 11 Mei aangebied is, het die huidige TAU-genoot dr Albert Strever (Wingerd- en Wynkunde) (*regs*) 'n praatjie gelewer oor die insluiting van entrepreneurskap by kurrikulums.



**1.5 Verken kunsmatige intelligensie (KI) in die hoër onderwys**

Ons Sentrum vir Onderrig en Leer en die Sentrum vir Leertegnologieë het gesamentlik die eerste in 'n reeks gesprekke oor die implikasies van KI vir akademiese integriteit in hoëronderwysonderrig, -leer en -assessering (OLA) aangebied. By die eerste sessie het prof Bruce Watson (Inligtingwetenskap) en dr Antoinette van der Merwe (senior direkteur van Leer- en Onderrigverryking) gesels oor KI en sy rol in hedendaagse hoër onderwys oor die algemeen én by die US in die besonder. Die sowat 100 deelnemers het geesdriftig aan die gesprek deelgeneem.

Vir die tweede sessie, wat op 19 April aangebied is, het die KI-gespreksreeks met die maandelikse Auxin-program saamgewerk om van die funksies van die omstrede ChatGPT-tegnologie te demonstreer. Deelnemers het nagedink oor waar KI die mens oortref, en hoe dít in OLA-verband by die US benut kan word.

Ons versameling hulpbronne oor KI in OLA by die US brei flink uit. Raadpleeg dit gerus by [http://www.sun.ac.za/afrikaans/learning-teaching/learning-teaching-enhancement/ai-in-he](http://www.sun.ac.za/afrikaans/learning-teaching/learning-teaching-enhancement/ai-in-he).

**1.6 Herbedink die kriteria vir die Samewerkende Onderrig-toekenning**

Lede van die US Onderrigtoekenningspaneel het op 13 Maart vir 'n werksessie byeengekom om die kriteria vir ons Samewerkende Onderrig-toekenning te herbedink. Benewens beraadslaging deur die paneellede, het die program ook drie teoretiese bydraes ingesluit, naamlik:

- 'n aanbieding oor die Samewerkende Onderrigpraktyk-toekennings van die Universiteit van Kaapstad (UK) deur dr Glenda Cox, senior dosent in die UK se Sentrum vir Innovasie in Leer en Onderrig;
- 'n oorsig van die Nasionale Universiteitsonderrigtoekennings (NUTA) deur dr Karin Cattell-Holden, senior raadgewer in ons Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL); en

- 'n literatuuroorsig oor samewerkende onderrig deur dr Anthea Jacobs, SOL-raadgewer.

### 1.7 Leer ken SUNLearn teen jou eie tempo

Die Leertegnologiesteunspan in die Sentrum vir Leertegnologieë het in Maart 'n aanlyn eietempoleermodule oor SUNLearn bekend gestel. Die kursus bied 'n oorsig van die basiese funksies en instrumente op SUNLearn. Hoewel dit nie die tradisionele kontak- en aanlyn SUNLearn-opleidingsessies vervang nie, bied die module 'n bykomende middel vir gebruikers wat verkies om opleidingsmateriaal op hulle eie tyd en teen hulle eie tempo te bestudeer. Nege deelnemers het sedert die bekendstelling vir die module geregistreer. Dit is as 'n beroepsleeraanbod op die sun-e-HR-platform beskikbaar. Die module sal die hele jaar deur hersien en verbeter word.

### 1.8 Intreelesings

Proff Liezel Frick (Opvoedkunde) en Pumla Gobodo-Madikizela (Sentrum vir die Studie van die Nadraai van Geweld en die Soeke na Herstel) het in die verslagtydperk hulle intreelesings gelewer.

### 1.9 Bekom aansienlike nasionale toekennings

Ons **Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie** (CREST) en die CREST-gebaseerde **DWI-NNS Sentrum van Uitnemendheid in Scientometrie en Wetenskap-, Tegnologie- en Innovasiebeleid** (SciSTIP) het die volgende drie toekennings van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) en die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) ontvang:

- Studie van die wetenskaplike aktiwiteit van almal wat NNS-toekennings ontvang (R5 miljoen oor drie jaar). Hiervoor sal CREST oor die volgende tien jaar 'n vergelykende studie onderneem om die aard en omvang van alle NNS-begunstigdes se wetenskaplike aktiwiteit en sosiale-impakwerk te bepaal.
- Publikasiegehalteraamwerk (R40 miljoen oor drie jaar, waarvan die helfte vir CREST bestem is). CREST sal met universiteite en ander belanghebbendes saamwerk om meganismes te skep om die integriteit van navorsingspublikasies te beskerm en te verhoog.
- Monitering- en evalueringsbystand vir die Universiteitsvermoëbouprogram (UCDP) (R21 miljoen oor vier jaar). CREST sal tegniese bystand bied aan die DHOO-projekbestuurspan om die implementering, uitkomste, impak en kostedoeltreffendheid van die UCDP te moniteer en te evalueer.

Terwyl ons op die uitslag van die NNS se nuwe versoek vir gasheerskap van die **Nasionale Instituut vir Teoretiese Fisika en Berekeningswetenskap** (NITheCS) wag, het die US boonop uitstel ontvang om nog tot 31 Maart 2024 as gasheer te dien vir die Nasionale Instituut vir Teoretiese Fisika (NITheP) (wat sedert 2021 in NITheCS omskep word). Die uitstelooreenkoms het 'n toekenningsbrief van R18,1 miljoen vir 2023/24 ingesluit.

### 1.10 Institusionele verkiesing

Die US se skenkerskieskollege het me HS Conradie tot nuwe Raadslid verkies. Sy sal vir die tydperk 5 Maart 2023 tot 4 Maart 2027 in die Raad dien.

### 1.11 Institusionele Forum en eweknieë ruil beste praktyke uit

Ons Institusionele Forum- (IF-)voorsitter en die Institusionele Sekretariaat het op 24 April 'n IF-afvaardiging van die Durban Universiteit vir Tegnologie ontvang om beste praktyke uit te ruil en moontlikhede vir groter samewerking te ondersoek.

## 1.12 Volstoom vorentoe met kapitaalprojekte

Ons het in 2022/23 die volgende projekte beplan, gebou of voltooi:

| Projekbeskrywing | Getal projekte | Projekwaarde |
|---|---|---|
| Projekte in beplanningsfase | 74 | R664 912 815 |
| Projekte in aanbou | 26 | R421 595 149 |
| Projekte voltooi | 72 | R2 105 980 681 |

**Noordelike aansig van die Biomediese Navorsingsinstituut (BMNI) (R69 612 136)**

Werk aan die BMNI-anneks het in Mei begin. Die anneks is 'n verdere uitbreiding van die onlangs voltooide BMNI-gebou. Dit behels die aanbou van nuwe laboratoriums en kantore vir die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe op die vierde verdieping van die Onderwysgebou en maak ook voorsiening vir 'n opknapping aan die skakelbrûe tussen die Onderwysgebou en die BMNI-kompleks.

**Tygerberg-retensiedam (R8 910 007)**



Dié projek is teen die einde van Maart voltooi. Die nuwe retensiedam (*foto bo*) is deel van die stormwatervereistes vir Tygerbergkampus se ontwikkelingsplan met die oog op 2030.

**Victoria-hub en IKT-infrastruktuur (R91 952 072)**



Werk aan die Victoria-hub (*sien straataansig links*) en die gepaardgaande inligtings- en kommunikasietegnologie- (IKT-)infrastruktuur is teen 17 Maart afgehandel. Die projek bied 14 slaapkamers vir Privaatstudenteorganisasie- (PSO-)studente, PSO-toegang tot die koshuise Harmonie en Monica, en 'n nuwe IKT-hoofveselroete.

**Opknapping van Siviele Ingenieurswese-gebou (R233 784 184)**

Die uitgebreide vernuwing van die Siviele Ingenieurswese-gebou (*hoofingang met nuwe, moderne afwerking op foto regs*) is in Februarie voltooi. Die moderne en funksionele gebou behoort nou vir 'n onafsienbare tyd aan sy doel te beantwoord. Aansienlike verbeteringe sluit in die verdigting en modernisering van die kantoorruimtes, oop studente-areas, raadsale en wegbreekruimtes. Die gebou bevat nou ses nuwe lesinglokale, waarvan die grootste 464 sitplekke het. Die nuwe lesingsale het gesamentlik plek vir 1 500 mense. Alle geboudienste is ook opgeknap, waaronder sentrale lugversorging vanaf 'n nuwe sentrale verkoelings- en verhittingsaanleg, kraginstallasies, nooduitgange en datanetwerke.



**Projek vir uitgebreide leerruimtes (ELS) (R130 808 913)**

ELS is in November 2020 van stapel gestuur as 'n noodreaksie op die inperkingsregulasies van die pandemie. Die doel was om in alle beskikbare lesinglokale oudiovisuele toerusting en stelsels te installeer sodat dosente hulle lesings na aanlyn studente kan stroom terwyl hulle vir studente wat fisies aanwesig is klas gee. Die projek op Stellenboschkampus is in Februarie voltooi.

**Sentrale koelwaterstelsel (distriksverkoeling) vir Ingenieurswese (R69 739 313)**

Die distriksverkoelingstelsel is noodsaaklik om die ganse Fakulteit Ingenieurswese van kostedoeltreffende verhitting en verkoeling te voorsien. Die aanleg, wat teen die einde van Maart voltooi is, voorsien reeds verkoeling aan Siviele Ingenieurswese, en verhitting sal gereed wees voordat die ergste winterkoue aanbreek. Die foto's hier onder toon die suidelike aansig van die distriksverkoelingsgebou (*links*) en die koelereenheid (*regs*).





**Opknapping van Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese-gebou: Kontrak 1 (R37 964 378)**



Werk aan die opknapping van die Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese-gebou (*foto*) is op 12 Mei afgehandel. Die Nanolaboratorium, wat aanvanklik na die Anorganiese Chemie-gebou verskuif sou word, sal nou 'n tuiste in die Mike de Vries-gebou vind waar dit naby bestaande infrastruktuur sal wees wat meer geskik is vir dié tipe laboratoriumwerk.

### 1.13 Instandhouding en doeltreffendheidsopknappings

**Beplande instandhouding**

Eiendomsdienste in Fasiliteitsbestuur het verskeie opknappingsprojekte geïdentifiseer wat oor die volgende paar maande uitgevoer sal word, waaronder werk aan:


- die binne- en buitekant van die Jannie Marais Huis op die Coetzenburg-sportterrein;
- die buitekant van die Al Perold- en IKT-gebou; en
- die Mike de Vries-gebou.

**LED-ligvervanging**

Die JC Smuts-, Natuurwetenskappe- en De Beers-gebou is maar net 'n paar van die kampusfasiliteite wat deel uitmaak van 'n projek om bestaande T12- en T8-gloeilampe met LED-ligte te vervang. Dié energiedoeltreffende ligte het 'n ontwerplewe van agt tot tien jaar vergeleke met die drie jaar van 'n gewone T8-gloeilamp. Die Fasiliteitsbestuurspan het reeds 180 000 LED's geïnstalleer.

**Buiteligte**

Studentegemeenskappe het kommer uitgespreek oor die veiligheid van studente wat saans gedurende beurtkrag op kampus rondbeweeg. Eiendomsdienste het dus in die akademiese en residensiële gebiede van die sentrale kampus 'n program van stapel gestuur om buiteligte te vervang en van noodkrag te voorsien. Buitelampe is met LED's vervang (*sien foto langsaan*), wat aan die naaste kragopwekker gekoppel is.



**Ander opknappings**

Ander opknappings wat deur die Fasiliteitsbestuurspan voltooi is, sluit in:

- 'n nuwe hittepomp en die vervanging van agt geisers by die Danie Craven-stadion, nuwe lugkompressors by die Meganiese Ingenieurswese-gebou, en 'n nuwe hittepomp by Wilgenhof;
- 'n gefaseerde opgradering van die US se alarmmeesterplan om die alarmmoniteringstelsel op die verskillende kampusse te standaardiseer;
- nuwe luidsprekerstelsels by Huis Russel Botman en die koshuis Erica en 'n nuwe brandalarmstelsel by Dagbreek; en
- die installering van 26 okkupasiesensors oor die hele Stellenboschkampus, waaronder in lesing- en rekenaarlokale in die Jan Mouton Leersentrum en die Krotoa-, Voedselwetenskappe- en Schumann-gebou. 'n Verdere 30 sensors sal nog geïnstalleer word. Hierdie slimsensors tel die getal mense in 'n lokaal en stuur die data na die verhitting-, ventilasie- en lugversorgingstelsel, wat ventilasie dan dienooreenkomstig beheer.

Om die koolstofvoetspoor van ons voedseldienste te verklein, het SUNKOM boonop die Klimato-sagteware in alle US-koshuise in gebruik geneem. Die sagteware, wat reeds deur meer as 300 voedseldiensondernemings wêreldwyd gebruik word, meet voedselverwante koolstofvrystellings, ontleed eetgewoontes, en identifiseer moontlike geleenthede vir groter volhoubaarheid.

### 1.14 Verseker voldoende en veilige inligtingstegnologiedienste

Die implementering van die **Digitale Strategie** is aan die gang. Die proses behels onder meer maandelikse verslagdoening aan die Bedryfshoof en 'n herskikking van die rolle en verantwoordelikhede in die Afdeling IT om te sorg dat die Digitale Strategie doeltreffend uitgevoer word.

'n Toegespitste en verteenwoordigende nuwe **IT-advieskomitee vir die Rektoraat** is tot stand gebring. Dié komitee se werk is noodsaaklik vir die Afdeling IT se agenda én om gedesentraliseerde IT te verseker.

Die **IT-risikoregister** is bygewerk. Daar is nou 12 strategiese risiko's, waarmee alle bedryfsrisiko's belyn is. IT het ons akademiese stelsels ondersoek en onmiddellik sekere verbeteringe aangebring. Netwerkinstandhouding en -opgradering het ook 'n aanvang geneem nadat finansiering vir dié noodsaaklike proses bekom is.

Werk aan 'n **kubersekuriteitsrisikobeoordeling** vir ons universiteit duur voort om die vertroulikheid, integriteit en beskikbaarheid van US-stelsels en -data vir ons gebruikers te verseker. Dít vereis onder meer dat die Universiteit voor enige skakeling met derdepartydiensverskaffers omsigtigheidsondersoeke doen om eers te bepaal watter kuberrisiko's sodanige verskaffers dalk inhou.

Die Universiteit beskik nie tans oor voldoende vermoë om sy **kubersekuriteitskultuur** te verbeter nie. Om 'n 'menslike netskans' te bou deur ons gebruikers met die vaardighede en kennis toe te rus om moontlike kubergevare te identifiseer en daarop te reageer vereis gespesialiseerde gereedskap. Vir dié doel word 'n versoek vir finansiering om 'n bewusmakingsinstrument te bekom tans opgestel. Die instrument sal die risiko van uitvissingsaanvalle, soos dié waaraan ons senior personeellede onlangs blootgestel was, sowel as bedreigings van binne aansienlik verlaag.

**1.15 Lewendige skakeling op sosiale media**

Plasings oor die **herfsgradeweek** het ons prestasie op sosiale media die afgelope tyd sterk positief beïnvloed en 'n reikwydte van 14,5 miljoen in Maart en 'n 81% positiewe sentiment tot gevolg gehad. Gradeplasings (*sien voorbeeld langsaan*) het die beste op ons Facebook-, Twitter- en Instagram-blaaie gevaar. Van die gewildste plasings was Giséle Chloé Lavita wat op 'n skrale 25 'n LLD verwerf het, die musikant Nduduzo Makhathini wat sy PhD behaal het, en ons Kanselier se inspirerende woorde aan graduandi.




Ander stories wat in Maart **positiewe sentiment help skep het**, was ons Varsitybeker-rugbyoorwinnings oor Noordwes-Universiteit, Wits en Tuks namate ons deur die verskillende fases van die toernooi beweeg het, en die toekenning van R40 miljoen vir MIV-voorkoming van die Verenigde State se Nasionale Gesondheidsinstitute. Positiewe sentiment het in April effens gedaal tot 72%, wat steeds goed is as 'n mens die negatiewe plasings oor die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie en bewerings van nepotisme in ag neem.




Navorsingsverwante inhoud soos die "onsigbare goud" wat in mynafvalmateriaal gevind is en navorsing oor die eienaardige gedrag van 'n kristal, wat ook in die vaktydskrif *Nature* verskyn het, het 'n gesamentlike reikwydte van meer as 114 000 op Facebook en LinkedIn behaal. Nietemin was die gewildste LinkedIn-plasings dié oor die Maties-fietsryers wat aan die Kaapstadfietstoer deelgeneem het om geld vir Bridge The Gap in te samel, en 'n artikel oor Robert Kotzé, senior direkteur van US Internasionaal, wat 30 jaar van formele internasionalisering by die US gevier het. Daarbenewens is ons Maties-vrouerugbyspan se sege in die heel eerste Varsitybeker-vrouerugbytoernooi op ál ons platforms gevier en het dit gesamentlik bykans 140 000 mense bereik (*sien links*).

'n Betaalde sosialemediaveldtog is in die week voor die amptelike opening van die BMNI geïmplementeer om mense van die geleentheid en die fasiliteit bewus te maak. Die veldtog het verskeie plasings op Facebook en LinkedIn ingesluit. Die bekendstellingsvideo is meer as 50 000 keer gekyk.

**1.16 Hou die US-gemeenskap op hoogte**

Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking het gehelp met die skryf en verspreiding v an massa-e-posse oor:

- die Maart-gradeplegtighede (6 Maart, 16 Maart en 17 Maart);
- welstandsdienste aan personeel (14 Maart);

- 'n voorgestelde aanpassing in die getalsverhouding vir die plasing van vroue- en manstudente in US-koshuise (17 Maart);
- die SAMRK-verslag oor taal (17 Maart);
- die Senaat se ondersteuning vir die Rektor en Visekanselier se strewe na inklusiwiteit en meertaligheid (25 Maart);
- die US se toelatingsbeleid en diskresionêre plasing deur die Rektor (31 Maart en 6 April);
- Universiteitshoogtepunte, vir die doeleindes van die Raad en lede van Raadskomitees (12 April); en
- nuus uit die Raadsvergadering in April (17 April).


Die weeklikse info@- en nuus@-personeelnuusbriewe hou personeel ook steeds op hoogte van belangrike kennisgewings en kampusnuus.

### 1.17 US in die media

Veral die Maart-gradeweek en die bekendstelling van die BMNI het in die verslagtydperk **aansienlike positiewe mediadekking** tot gevolg gehad. Navorsingsverwante inhoud het verdere positiewe mediasentiment geskep, en wat innovasie betref, is daar net oor die 2 600 keer in 'n positiewe lig na ons universiteit verwys. Volgens die mediamoniteringsdiensverskaffer Market IQ was meer as 1 491 van daardie positiewe vermeldings danksy denkleierskap, veral oor leierskap en oorsigbestuur by die US.

Hierdie reputasiebouers was 'n welkome teenwig vir **negatiewe dekking** oor kommer oor die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente se perk op huisvestingstoelaes en die plasing van studente in koshuise en privaat verblyf, die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie se verslag oor taal by die Universiteit, die Rektor se diskresionêre plasingsbevoegdhede, en die bestuursbesluit om die getal koshuisplasings vir vrouestudente te verhoog.

**Vergeleke met ons eweknieë** het ons die derde meeste nuusbrokkies gehad, en die vierde grootste reikwydte (*sien vergelyking langsaan*). Wits was eerste wat sowel volume as reikwydte betref. Volume skets nie altyd 'n akkurate prentjie van 'n instelling se ware invloed nie, en onderskei ook nie tussen negatiewe en positiewe dekking nie. Negatiewe publisiteit word steeds by volume en reputasie-impak ingereken, soos ons onlangs met die protesoptrede by Wits en die Visekanselierskwessie by die Universiteit van Kaapstad gesien het.




Daarteenoor verklap reikwydte veel meer oor ons proaktiewe mediaskakeling, waaronder die beskikbaarstelling van kennerslyste, die verspreiding van aktuele mediaverklarings, en

'n flink reaksie op medianavrae. Ons behoort dus daarop te konsentreer om ons reikwydte te bou sodat dit ons volume brokkies ewenaar of oorskry.

In die lig van die opening van die BMNI verbaas dit nie dat Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe wat **fakulteitspesifieke dekking** betref vir Februarie, Maart, April én Mei die meeste nuusbrokkies gehad het nie. Hulle is 821 keer in die media genoem en het 35% van ons fakulteite se algehele reikwydte in die media uitgemaak. Lettere en Sosiale Wetenskappe was tweede met 513 vermeldings, waarvan baie verband gehou het met denkleierskap oor oorsigbestuurs- en verbandhoudende kwessies. Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het in die oorsigtydperk net meer as 735 artikels uitgereik. Hieruit het ook 'n groot getal vermeldings gespruit, waaronder 458 verwysings na die Stellenbosch Bestuurskool, hoofsaaklik met betrekking tot beurtkrag en ontleding van die nasionale begroting.

**Denkleierskapstukke deur ons personeel** het die US se navorsing vir eksterne gehore toeganklik gemaak. Ons akademiese en administratiewe personeel is in 1 480 mediabrokkies genoem – meer as enige ander instelling wat gemeet is – wat die beduidende impak van ons universiteit se menslike kapitaal onderstreep.

Die Mediakantoor in Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking het ook verskeie meningsartikels gefasiliteer en kennerslyste met die oog op Wêreldingenieursdag (4 Maart), Internasionale Vrouedag (8 Maart), Vryheidsdag (27 April) en Werkersdag (1 Mei) versprei. 'n Lys meningsartikels en rubrieke wat in die verslagtydperk verskyn het, is by hierdie verslag aangeheg.

Van die **navorsingsverwante mediaverklarings** wat in die verslagtydperk goed gevaar het, het die volgende ingesluit:

- Afrika-pikkewyne: klimaatsvlugtelinge uit 'n verre verlede?
- SA se vroue-akademici het uitgebrand toe hulle van die huis af moes werk
- "Kunsmatige-intelligensie-inspuiting" vir US-navorsing oor lang-Covid
- Onderling verbind: Mens- en diere-TB deel van dieselfde probleem
- Hipermoderne Biomediese Navorsingsinstituut 'n 'spelbreker' vir gesondheidsorg in Afrika
- Studie bevind teenstropingstegnologieë is kwesbaar vir kuberaanvalle

Ons het ook opgemerk dat navorsingstories oor ongewone of aweregse onderwerpe veral die media se belangstelling prikkel. 'n Mediaverklaring oor 'n nuwe sampioenspesie het onlangs verskeie mediahuise se aandag getrek en uitsonderlike reikwydte op ons sosialemediaplatforms behaal.

Die **gradeplegtighede** het natuurlik ook 'n stewige aantal mediastories opgelewer. Dít het ingesluit stories oor 'n ma en dogter wat albei hulle LLM-grade verwerf het, Giséle Chloé Lavita wat op 25 een van die US se jongste LLD-gegradueerdes geword het (wat in die tydskrif *Huisgenoot* verskyn het), 'n US-gegradueerde met aangetaste sig wat haar MSc verwerf het nadat sy haar huis en skootrekenaar met hulptegnologie in die vloede in KwaZulu-Natal verloor het en 'n student met 'n gehoorgestremdheid wat haar persoonlike ervaring gebruik het vir akademiese navorsing waarmee sy ander kan help.

Wat **dekking vir ons Universiteitsbestuur** betref, was die volgende artikels van die Rektoraat in die nuus:

- Wrap-around support key to level education playing field (Viserektor: Leer en Onderrig, gepubliseer op University World News)

- Universities are engines of innovation and research (Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, gepubliseer in *Mail & Guardian*)
- Human rights are for all, but there must be a prioritisation in justice quests accreditation (Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel (SITP), gepubliseer op News24)
- The world needs justice as a virtue (Viserektor: SITP, gepubliseer op News24)
- Partnerships help universities to respond to disruptors (Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake, gepubliseer op University World News)
- Still unfree in an apparently 'free' SA (Viserektor: SITP, gepubliseer in *Cape Times*)
- 'n Gebed vir 'n doodsonde elke week (Viserektor: SITP, gepubliseer in *Die Burger*)
- Ons kry in dié tyd van voor af hoop uit geloof (Viserektor: SITP, gepubliseer op Netwerk24)

Kommunikasie deur ons Rektoraatslede sal voortaan gerig word deur die bestuurskommunikasiestrategie wat op 16 Maart goedgekeur is. Die strategie sal ons bestuurspan se mediateenwoordigheid uitbrei en hulle as denkleiers vestig om die US se sukses te ondersteun. Dit sal ook die menslike kant van ons bestuurslede toon en 'n verwelkomende kultuur aanmoedig.

**1.18 Ooreenkoms om US-blitslyn te bedryf**

Die US het op 23 April 'n ooreenkoms met Deloitte onderteken om die Universiteit se onafhanklike blitslyn vir die aanmelding van onbillike diskriminasie, rassisme en teistering te bedryf.

**1.19 US-handelsmerk al hoe wyer te sien**




Ons Maart-gradedokumente was die tweede lot waarop ons nuwe **seremoniële embleem** (*foto links*) te sien was. Die embleem, wat in Desember 2022 bekend gestel is, is 'n visuele en simboliese voortsetting van ons korporatiewe logo. Albei weerspieël Visie 2040 en simboliseer ons verbintenis tot uitnemendheid, inklusiwiteit en innovasie.

Ons Handelsmerkkantoor het aansoek gedoen **om die nuwe embleem en seël as handelsname te registreer**. Ander handelsnaamaansoeke wat onlangs ingedien is, sluit in die terme 'Maroen Maandag', 'LaunchLab', 'Stellenbosch Mediaforum' en 'University College Stellenbosch (UCS)/Universiteit Kollege Stellenbosch (UKS)'.

As deel van die inwerkingstelling van die US se visuele identiteit is die **handelsmerktemplate vir ons kommersiële voertuie** by Vervoerdienste afgelewer.

Daarbenewens is 'n **handelsmerk- en mediawerksessie** vir Maties Sport se handelsmerkambassadeurs aangebied. Die doel was om sportbestuurders, -afrigters en -administrateurs met die kennis en hulpbronne toe te rus om ons handelsmerk so doeltreffend moontlik uit te dra.

Wat die beoogde **vernuwing van ons akademiese drag** betref, is Stellenbosse kunstenaars, studente, personeellede en alumni teen die einde van Februarie na 'n werksessie genooi om patroonontwerpe te help ontwikkel. Die sessie is deur die bekroonde oppervlakontwerper Primrose Charmz gefasiliteer.

**1.20 Geleenthede soos net die US kan**

Benewens die 11 **gradeplegtighede** wat van 27 tot 31 Maart in kontakvorm by die Coetzenburgstadion aangebied is, het Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking se Eenheid vir Institusionele Geleenthede ook op 30 Maart die **Kanseliersdinee** op Webersburg-landgoed aangebied. Die 80 gaste by die geleentheid het die suksesvolle voltooiing van die gradeweek en ons gegradueerdes se prestasies gevier en eer betoon aan diegene wat spesiale toekennings soos eredoktorsgrade, die Kanseliersmedalje en die Kanselierstoekenning ontvang het.



Boonop het vanjaar se eerste **personeelbyeenkoms** op 8 Maart by die Adam Small-teater plaasgevind. Die agenda het om die implementeringsplan van die Komitee vir die Institusionele Reaksie op die Kommissie se Aanbevelings (CIRCoRe) gedraai. Gesprekke is deur CIRCoRe-koördineerder prof Aslam Fataar (*foto regs*) gefasiliteer. Altesaam 284 personeellede het die byeenkoms fisies bygewoon, en 204 het aanlyn ingeskakel. Deelnemers het 'n middagetepakkie met die US-handelsmerk op ontvang. Verskillende dieetvereistes is in ag geneem na aanleiding van wat personeel op die RSVP-vorm aangedui het.

**1.21 Biblioteek en Inligtingsdiens 'n kernvennoot in US se sukses**

Die Biblioteek en Inligtingsdiens (Biblioteek) bring voortdurend verbeteringe aan nadat hulle in 2022 deur 'n eksterne paneel deskundiges geëvalueer is. Een so 'n verbetering is die beskikbaarstelling van SciVal, 'n instrument vir navorsingsprestasie en -evaluering, waartoe alle US-personeel wat by die beoordeling van navorsing en navorsers betrokke is toegang sal hê. Die Biblioteek sal opleiding in die gebruik van die instrument voorsien.

Die US Biblioteek het ook Suid-Afrikaanse Biblioteekweek (20-26 Maart) gevier. In pas met vanjaar se tema, "Biblioteke – vertel kragtige stories", is studente aangemoedig om vir 'n wedstryd in te skryf waarin hulle van hulle biblioteek- en leeservarings vertel. Die wenners het hulle pryse by 'n geleentheid op 21 April ontvang.

**1.22 Ondersteuning vir SUNStudent-aktivering**

Benewens die vordering met SUNFin en SUNStudent waarna ek in my hoogtepunteverslag verwys, is die **nuwe aanlyn Jira-hulpkantoor vir SUNStudent** teen die einde van Maart in werking gestel. Die kantoor funksioneer goed, en meer as 80% van geregistreerde diensversoeke is in die eerste week afgehandel.

Die doel van die eenstophulpdiens is om rolle en verantwoordelikhede in die steunstrukture op te klaar sodat gebruikerkwessies vinniger opgelos kan word, en om gebruikers deurentyd op hoogte te hou van vordering met hulle diensversoeke totdat dit afgehandel is.

Aangesien die kortkursusomgewing as 'n kernfunksie van SUNStudent beskou word, het die Afdeling Kortkursusse 'n versoek vir die **finansiering van bykomende personeelvermoë** by die SUNStudent-projekkomitee ingedien. Dít sal Kortkursusse hulle werklas help hanteer terwyl personeel van April tot November 2023 bo en behalwe hulle daaglikse pligte ook ten nouste betrokke sal wees by die implementering van die Kortkursusmodule op SUNStudent sodat dit in Desember geaktiveer kan word. Die finansieringsversoek is goedgekeur en maak voorsiening vir die aanstelling van een bykomende persoon om

tegniese leiding en bystand aan die hoof van Kopiereg, Handelsmerke en Kortkursusse te voorsien.

### 1.23 SUNKOM hou sake aan die gang

Ons **Sentrale Geleentheids- en Konferensiekantoor**, 'n afdeling van SUNKOM, het 'n forum vir beter samewerking tussen alle Stellenbosse belanghebbendes geskep om die potensiaal vir saketoerisme en geleenthede by die US te ontsluit, wat nie net ons instelling nie, maar ook die dorp in die algemeen kan baat. Die forum ontmoet kwartaalliks, en betrokkenes sluit Stellenbosch Munisipaliteit, Visit Stellenbosch, Wesgro en die Stellenbosch Netwerk in.

Sedert **Gradlinc**, 'n strategiese SUNKOM-projek, in Desember 2022 bekend gestel is, het 37 maatskappye en 1 392 studente op dié platform geregistreer. Gradlinc verbind werkgewers en gegradueerdes vir indiensnemingsdoeleindes en bedien groot maatskappye soos Mediclinic, Forbes Africa, CNBC News, CCBA (CocaCola) en Shoprite. Die platform word tans verder ontwikkel om tred te hou met suksesvolle werksplasings. Ander beoogde toevoegings sal studente met werksgereedheid en loopbaanaanpassing bystaan.

Nóg 'n produk uit die SUNKOM-stal, **SU Advantage**, maak vinnig naam as 'n betroubare platform vir aanvullende onderwys vir leerders in graad 10, 11 en 12. Leerders betaal 'n geringe maandelikse fooi om toegang te kry tot kort animasievideolesse sowel as langer, indringender lesse oor kernaspekte van die inhoud wat hulle in elf vakke in die klas behandel het. Multimediabemarking vir SU Advantage het teen die middel van Januarie begin en het sewe miljoen kykers bereik. Ons het ook direk met die Departement van Basiese Onderwys in gesprek getree om hele skole en hulle onderwysers te betrek. Volgens ontledings is 50% van geregistreerde SU Advantage-gebruikers van die Wes-Kaap, 27% van Gauteng, 7% van KwaZulu-Natal, 6% van die Oos-Kaap, en die res van ander provinsies.

### 1.24 Suksesvolle tweede kwartaal vir Maties Sport



Maties Sport het op 14 Maart 'n **Afrigtersforum** as 'n gespreksgeleentheid vir sy hoëprestasie- (HP-)afrigters aangebied. Hulle het onder meer oor 'n innoverende en volhoubare model vir die werwing en behoud van HP-studente-atlete gesels. Ek het die geleentheid bygewoon (*foto langsaan*) om HP-afrigters te verseker van ons ondersteuning vir hulle werk, wat van die allergrootste belang is vir Maties Sport se sukses.

Ons Bedryfshoof, prof Stan du Plessis, was op sy beurt by die **jaarlikse verwelkomingsgeleentheid** vir studente-atlete wat as hetsy kapteins of voorsitters van hulle onderskeie sportsoorte dien.

Ons vrouerugbyspan het 'n oortuigende oorwinning van 63-9 oor die Universiteit van Johannesburg behaal in die **Varsitybekereindstryd** in Kaapstad. Dit was die heel eerste vrouerugbykampioenskapstoernooi wat onder die Varsitybekernaam aangebied is. Ons

senior manspan het in 'n strawwe, fisiek uitmergelende halfeindstryd met 19-10 teen Noordwes-Universiteit verloor (*sien foto*), terwyl ons Young Guns die eindstryd gehaal het, maar in 'n behoorlike toutrekkery met 'n eindtelling van 27-26 die eerste plek naelskraaps misgeloop het.




Ons roei- en atletiekspanne het in April aan die eerste lot **toernooie van Universiteitsport Suid-Afrika (USSA)** deelgeneem. Maties Atletiek het met vier goue medaljes, vier silwer en een brons van hulle toernooi in Bloemfontein teruggekeer, en ons roeispanne het hulle beste vertoning in 'n dekade op die Misverstanddam in die Wes-Kaap gelewer.

Op die **internasionale sportverhoog** was verskeie o.21-spelers van Maties Hokkie deel van die Suid-Afrikaanse man- en vrouespanne wat elk in mid-Maart goud gewen het by die Junior Afrikabeker in Egipte (*sien hier onder*). Daarmee het studente-atlete Caylin Maree, Mikkela le Roux, Katlego Bodibe, Jenna Fyvie, Daniella de Oliveira, James Flint, Viwe Mbata, Hans Neethling, Caleb Oliphant en Ross Montgomery Span Suid-Afrika sy plek in die FIH Junior Wêreldbeker, wat in Desember plaasvind, help verseker.







Daarbenewens is sewe studente-atlete en een tegniese beampte van Maties Watersport ingesluit by die USSA Waterpolo-vrouekortlys met die oog op die Wêreldstudentespele wat in Julie/Augustus in Chengdu, China, plaasvind. Hulle is atlete Leila Broomhall, Anna Thornton-Dibb, Jennifer Everett, Stephanie Berry, Jordan Harding, Leah Goodman en Jenna van den Bosch en hoofafrigter Cameron Sugden.

Maties Sport het ook gedeel in die vreugde van **[HP-studente-atlete wat in Maart gegradueer het](#)**. Baie van dié studente moes sedert hulle eerste studiejaar uithaal en wys om hulle akademie en druk sportprogram te balanseer.

Laastens stel die onlangse **opknappings aan Coetzenburgsentrum** Maties Sport nou in staat om netbal- en basketbalbyeenkomste van wêreldgehalte aan te bied.

**1.25 Sê ons sê as deel van openbare deelname oor kopieregwetsontwerp**
Innovus se hoof van Kopiereg, Handelsmerke en Kortkursusse en die Afdeling se deskundige oor intellektuele eiendom het aan die begin van Maart die provinsiale wetgewer se verhore oor die voorgestelde Wysigingswetsontwerp op Kopiereg bygewoon. Met bystand van Roux de Villiers en Vennote het Innovus ook skriftelike kommentaar op die wetsontwerp by die Nasionale Raad van Provinsies ingedien.

Die vernaamste kwessie wat nog in die huidige konsep van die wetsontwerp hanteer moet word, is die perk van 25 jaar op die toekenning van kopiereg op letterkundige en musikale werk, en pogings in die wetgewing om kontraktuele afwykings van dié beperking te voorkom. Dít word as 'n inkorting van die reg op vrye handel beskou, wat ongetwyfeld 'n negatiewe invloed op tegnologie-oordrag en innovasie sal hê. Innovus hou die prosesse met betrekking tot die wetsontwerp fyn dop.

**1.26 Brei vermoë vir gestremdheidsopvoeding en -voorspraak uit**
Danksy die aanstelling van 'n bemarking- en opleidingskoördineerder is ons Eenheid vir Gestremdhede nou beter daartoe in staat om veldtogte vir gestremdheidsbewusmaking en -opvoeding deur ons hele instelling aan te bied.

Die Eenheid hersien ook die Beleid oor Gestremdheidstoegang van 2018. 'n Versoek vir kommentaar is onder personeellede en studente versprei, en die sluitingsdatum vir bydraes was 19 Mei.

**1.27 Studentesake bekyk transformasie op dieper vlak**



Die Afdeling Studentesake het op 21 April hulle jaarlikse Transformasieberaad gehou (*sien foto*). Die byeenkoms, wat deur die Afdeling se Transformasieforum gereël word, bring personeellede van Studentesake, studenteleiers en vennote van die Afdeling byeen om te gesels oor die transformasievereistes in Studentesake self én hoe 'n transformerende ervaring vir almal geskep kan word. Vanjaar se tema was "Ingebedde transformasie deur sosiale samehang" om voort te bou op die grondslag wat met vorige aflewerings van die geleentheid gelê is, veral die beraad van 2022 toe die Afdeling 'n transformasiehandves en -belofte vir personeellede aanvaar het. Die handves en belofte dien as rigsnoer vir Studentesake om transformasie, samehorigheid en diversiteit in die ko-kurrikulêre ruimte te bewerkstellig.

**1.28 Help vorm die professore van die toekoms**
Die US is die gasheer vir fase 01 van die Future Professors-program (FPP), 'n vlagskipprojek van die DHOO wat kenmerke van akademiese uitnemendheid en leierskap by 'n uitgesoekte groep akademiese personeellede inskerp en sodoende ons land se professore van die toekoms help transformeer. Ál 26 Suid-Afrikaanse openbare universiteite neem deel

deur middel van 'n streng keuringsproses. Die volgende ses genote van ons universiteit maak deel uit van FPP fase 01:

- Prof Lungiswa Nkonki (Gesondheidsekonomie)
- Dr Margreth Tadie (Chemiese Ingenieurswese)
- Dr Tongai Maponga (Geneeskundige Virologie)
- Dr Uhuru Phalafala (Engelse Letterkunde)
- Dr Gibson Ncube (Franse Letterkunde)
- Dr Tawanda Zininga (Biochemie)

Daarbenewens is prof Nox Makunga (Biotegnologie) opgeneem in fase 02 van die program, wat deur die Universiteit van Johannesburg aangebied word.

Soos die lys hier bo toon, is ons genote eweredig versprei tussen die natuur-, gesondheids-, sosiale en geesteswetenskappe. Drie van die US-genote beskik oor 'n Y1-gradering van die NNS (drs Phalafala, Ncube en Zininga).



Die derde kohort van FPP fase 01 is op 10 Maart vir 'n oriënteringsessie by STIAS ontvang (*sien foto links*). Die sessie het praatjies ingesluit deur prof Crain Soudien (A-gegradeerde sosiaalwetenskaplike en voormalige uitvoerende hoof van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing) en prof Himla Soodyall (gevierde genetikus en uitvoerende beampte van die Wetenskapakademie van Suid-Afrika). Ek en ons Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie het die kohort daardie aand met 'n formele dinee by ons universiteit verwelkom.

Die residensiële program van die FPP behels 'n aantal kontak-, hibridiese en virtuele sessies om samehang onder die genote te skep. Dít sluit in maandelikse afrigtingsessies oor akademiese leierskap. Vanjaar se maandelikse werksessiereeks het op 15 Maart begin met 'n aanbieding oor ChatGPT deur prof Vukosi Marivate, bekleër van die ABSA-leerstoel in datawetenskap aan die Universiteit van Pretoria. Twintig genote van oor die hele land het ook van 29 Maart tot 2 April 'n FPP-skryfwegbreeksessie by Mont Fleur bygewoon.

## 2. 'n Transformerende studente-ervaring

### 2.1 Aanlyn aanhang van Nagraadse Kantoor neem toe

Die Nagraadse Kantoor se verwelkomingsvideo wat aan nagraadse studente gestuur is, het 457 besigtigings ontvang. Dit het tot 729 aangegroei toe die Kantoor later hulle eerste oriënteringsanimasievideo uitgestuur het. Twee uitgawes van die nuusbrief *Postgraduate Times* is ook in onderskeidelik Maart en April uitgegee. Die Nagraadse Kantoor se Facebook-volgelinge het teen April tot 2 400 toegeneem (200 meer as einde verlede jaar). Instagram-volgelinge het op hulle beurt tot 1 018 aangegroei (183 meer as einde verlede jaar).

### 2.2 Rus nagraadse studente toe vir sukses

Die Nagraadse Kantoor het die afgelope tyd tien algemene nagraadse werksessies (sewe aanlyn, drie fisies) vir 384 studente aangebied. Altesaam 499 studente het ook nege departementele nagraadse oriënteringsessies bygewoon.

Die Kantoor fasiliteer boonop jaarliks die modules Professionele Kommunikasie 771 en 871 vir nagraadse Ingenieurswese-studente. Hierdie modules het tot dusver vanjaar 256 studente bereik. Professionele Kommunikasie is 'n verpligte aanlyn aanbod om akademiese skryfintegriteit te bevorder en studente die slaggate van plagiaat te help vermy.

**2.3 Eenheid vir Gelykwaardigheid bemark hulle dienste**

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid het op 22 April 'n inligtingsessie op die Rooiplein gehou om studente opnuut van hulle steundienste bewus te maak.

**2.4 Eerstejaarsprestasietoekennings**

Ons jaarlikse Eerstejaarsprestasietoekennings is op 23 Maart by die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) oorhandig. Dié tweedoelige geleentheid, wat deur ons Viserektor: Leer en Onderrig aangebied word, verleen erkenning aan toppresteerder-eerstejaars in elke fakulteit sowel as aan die dosente wat 'n positiewe invloed op hulle akademiese ervaring gehad het. Die gasspreker vanjaar was prof Ingrid Rewitzky, visedekaan van Onderrig en Leer in die Fakulteit Natuurwetenskappe, wat die gehoor aangemoedig het om “nuut te dink oor die leerreis”. Altesaam 33 eerstejaars van 2022 het toekennings ontvang tesame met die dosente wat volgens hulle 'n diepgaande impak op hulle leer gehad het.

**2.5 Taalsentrum voeg waarde toe tot studente-ervaring**

Die Tolkdiens van die Taalsentrum het by die **herfsgradeweek tolkdienste** in Engels, Xhosa en Afrikaans voorsien en sodoende die US se verbintenis tot inklusiwiteit en 'n meertalige ingesteldheid getoon.

Wat akademiese taalbystand betref, het 'n rekordgetal van 903 Ingenieurswese-eerstejaars met 20 verskillende eerste tale in die eerste semester vir die Taalsentrum se **module Interkulturele Kommunikasie** geregistreer. Dié inleiding tot doeltreffende interkulturele kommunikasie help studente om in multikulturele omgewings soos die US en hulle toekomstige werkplekke te floreer en hulle boodskap duidelik oor te dra.

Die Taalsentrum se voetspoor by ons universiteit brei voortdurend uit. Studente in die Verlengde Graadprogram van die Fakulteit Teologie vind nou ook baat by die Leeslaboratorium se **program ReadTheory**, wat voorgraadse studente met akademiese leesvaardighede help toerus.

Boonop is voornemende studente met gehoorgestremdhede in die verslagtydperk bygestaan met **tolkdienste in Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT)** vir beroepsassesseringsdoeleindes én om hulle studieaansoeke te help voltooi. 'n Dowe honneursstudent in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe word ook vanjaar met SAGT-tolking ondersteun. Dít is die eerste keer dat die Taalsentrum vir 'n Dowe student op honneursvlak tolk.

**2.6 Nuwe studente-hubs amptelik oop**

Die Victoria-klusterhub en die Harmonie-minihub is amptelik op 18 April geopen, net meer as 'n jaar nadat bouwerk begin het. Hoewel alle studente-hubs as 'n ruimte dien waar pendelstudente kan rus, studeer, oornag en met ander pendel- én koshuisstudente kan omgaan, word hierdie spesifieke hubs ook gebruik om sosiale samehang tussen klusterstudente te verbeter. Dít word bereik deur die voorsiening van veeldoelige ruimtes vir individuele en portuurgroepleer, skeppende werk, informele en formele gesprek, en verkenning.

### 2.7 Transformasiegesprek tussen studenteleiers en Rektoraat



By 'n transformasiegesprek op 8 Maart het studenteleiers onder leiding van Studenteraadsvoorsitter Masilo Silokazi met die Rektor en Visekanselier, die viserektore vir Leer en Onderrig sowel as Sosiale Impak, Transformasie en Personeel en die koördineerder van CIRCoRe, prof Aslam Fataar, gesels (*foto regs*). Die geleentheid is deur Studentebestuur aangebied.

Die studente het hulle indrukke gegee van die transformasiewerk wat reeds aan die gang is en die proses vorentoe. Die Rektoraat het terugvoer gebied oor die US se planne om die Khampepe-kommissie se aanbevelings te implementeer, en prof Fataar het CIRCoRe se werk vir die volgende twee jaar kortliks uiteengesit.

Studentebestuur het daarna ook met prof Fataar en die Transformasiekantoor saamgewerk om op 11 Maart 'n werksessie aan te bied om studenteleiers se rol in transformasie by die US te bespreek.

### 2.8 Studentesake hou opedag by Tygerberg

Die Afdeling Studentesake het op 18 April 'n opedag op Tygerbergkampus gehou sodat personeel van die Afdeling met voor- en nagraadse studente sowel as personeel van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe kan skakel. Die doel was om die kampusgemeenskap bewus te maak van Studentesake se steundienste, leierskap- en ontwikkelingsopleiding en ander ko-kurrikulêre aanbiedinge tot studente se beskikking. Dít was die tweede jaar dat die opedag plaasgevind het, en die toename in studente- en personeelbywoning sedert verlede jaar dui op aansienlike belangstelling in Studentesake se diensaanbod.

### 2.9 Smee van die begin af 'n sterk band

Hoewel ons akademiese reputasie ons reeds as 'n voorkeurstudiebestemming posisioneer, is **doeltreffende werwing** noodsaaklik om te sorg dat ons toppresteerders uit diverse omstandighede lok sodat ons 'n ryke, diverse en inklusiewe studente-ervaring kan bied. Ons konsentreer sterk op digitale studentewerwing, wat ons dan met fisiese aktiwiteite soos inligtingsdienste vir leerders, onderwysers en ouers, bywoning van loopbaanskoue, loopbaanvoorligting en kampustoere aanvul.




Die **aansoekveldtog #wiejyword** het in Maart begin. Dit bestaan onder meer uit drietalige plasings op ons sosialemediablaaie (*voorbeeld links*), en ons het in Mei ook die aanlyn platforms Netwerk24 en News24 gebruik.

Afsonderlike toegewyde **webblaaie** vir plaaslike voor- en nagraadse sowel as internasionale voornemende studente bied alle nodige inligting oor programme, aansoeke en studentefinansiering. Die voorgraadse

webblad, www.maties.com, het in die eerste kwartaal van 2023 tienduisende besoekers ontvang (*sien tabel hier onder*). Baie van hulle het ook dokumente afgelaai, na video's gekyk en die inligting dieper bestudeer, wat op aansienlike belangstelling in ons instelling dui.

| Webbladgebruik | Januarie | Februarie | Maart | April |
|---|---|---|---|---|
| **Unieke besoekers** | 89 854 | 72 460 | 54 456 | 141 929 |
| **Aksies – dokumente afgelaai, video's gekyk** | 715 767 | 522 435 | 360 314 | 1 137 601 |
| **Individuele bladbesigtigings** | 528 036 | 390 555 | 279 075 | 826 048 |

In ons meer direkte **skoolskakeling** van Maart tot Mei het ons meer as 47 000 hoërskoolleerders met skoolbesoeke, aanlyn sessies of die bywoning van loopbaanskoue bereik. Die geografiese voetspoor van provinsies wat ons bereik het, sien soos volg daar uit:

- Oos-Kaap: Bisho, Oos-Londen, iDutywa, Mdantsane, Gqeberha, Bizana, Cofimvaba, Engcobo, Makhanda, Lady Frere, Lusikisiki, Matatiele, Mount Frere, Mthatha, Ngqeleni, Queenstown, Uitenhage, Umtata
- Gauteng: Hammanskraal, Mamelodi, Dobsonville, Katlehong, Pretoria, Johannesburg, Oos-Rand, Wes-Rand, Fourways, Krugersdorp, Northcliff, Leondale
- KZN: Pietermaritzburg
- Limpopo: Jane Furse, Venda, Polokwane, Makapane
- Mpumalanga: Mbombela, Secunda
- Wes-Kaap: Kaapstad, Weskus, Overberg, Wynland

Ons werwingspan werk ook sy aan sy met die Kutlwanong Sentrum vir Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie en het in die verslagtydperk dié skool se kampe in Limpopo en Gauteng besoek. Hierdie gevestigde nieregeringsorganisasie wil wetenskap-, tegnologie-, ingenieurswese- en wiskundeprestasie onder jongmense in townships en landelike gebiede verbeter. Die US besoek jaarliks alle Kutlwanong-kampe landwyd.

Daarbenewens het ons as deel van ons skoolskakeling loopbaanadvies en psigometriese assesseringsdienste voorsien aan verskeie leerders uit sosio-ekonomies benadeelde omstandighede by 42 uitgesoekte skole in die Wes-Kaap. Die assesserings, wat deur Studentewerwing se voorligtingsielkundige uitgevoer word, is beperk tot leerders met 'n gemiddelde graad 11-punt van meer as 70%.

### 2.10 Nuwe studente-uitruilprogram verbreed horisonne

US Internasionaal het 'n nuwe studente-uitruilprogram met die Universiteit van St Gallen, Switserland, bekend gestel. Die tweeledige aanbod het in April begin met 'n tien dae lange besoek aan Suid-Afrika deur 20 studente van St Gallen. Dertien US-studente sal op hulle beurt in Julie na Switserland reis. Om internasionalisering tuis aan te moedig, is interns van US Internasionaal en deelnemers aan die Matie Buddy-stelsel genooi om die groep se Suid-Afrikaanse avontuur mee te maak. Hulle aktiwiteite het lesings, gesprekke oor wêreld- en nasionale kwessies, kulturele aktiwiteite en besigtigingstoere ingesluit.

## 2.11 Omvattende bystand vir beursstudente

Altesaam 430 studente in die **Dell Young Leaders-program** het hierdie semester hulle studie aan die US hervat. As deel van die klem op liggaamlike gesondheid van dié program se welstandskomponent, is Dell Young Leaders-studente na die geleentheid "Gesonde liggaam, gesonde gees, gesonde jy!" op die Rooiplein op Stellenboschkampus genooi (*foto langsaan*). Hier het 'n gewilde fiksheidsafrigter 'n kombinasie van energieke en prettige oefeninge vir alle fiksheidsvlakke aangebied. In die dae voor die geleentheid het die studente toegang ontvang tot video's oor liggaamlike gesondheid met onder meer wenke vir veilige en doeltreffende oefenroetines wat in ruimtes van enige grootte gedoen kan word. Op grond van die statistieke vir die akademiese jaar 2022 spog die eerste drie Dell Young Leaders-kohorte met 'n behoudsyfer van 97% van studente wat hetsy hulle grade aan die US verwerf het of koers hou met hulle studie.



Voorfinalejaar- en finalejaarbeursstudente van die **Ikusasa- (ISFAP-)program en die Carl & Emily Fuchs-stigting (CEFF)** het die afgelope tyd aan drie ondersteuningsessies vir graduandi deelgeneem om hulle vir die werkswêreld voor te berei, naamlik:

- professionele beeldbou en kommunikasie, aangebied deur Thobeka Msi, koördineerder van virtuele loopbaanontwikkeling in ons Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling;
- entrepreneurskap en die ekonomie, gefasiliteer deur Cheryl Benadie, uitvoerende hoof van Whole Person Academy; en
- welstand in die werkswêreld, aangebied deur Janine Roos, die direkteur van die Geestesgesondheidsinligtingsentrum van Suid-Afrika, wat by die US geleë is.




**Nuwe ISFAP-studente** is boonop op 15 April ontvang by 'n verwelkomingsgeleentheid (*sien foto-collage*), waar mentor-tutors touwys gemaak is om hulle mentees so goed moontlik te ondersteun. Die mentor-tutor- en portuurmentorsteuninisiatiewe bly 'n waardevolle komponent van ons aanvullende bystand vir ISFAP-begunstigdes. Die dag het 'n werksessie oor die kuns van eksamenvoorbereiding en 'n sessie oor geestesgesondheid en selfversorging ingesluit.

***Foto's met vergunning van André Engelbrecht***

Ook studente van die **CEFF-Kanseliersbeursprogram** het in Maart 'n verwelkomingsmiddagete en 'n werksessie oor tyd- en stresbestuur bygewoon (*collage regs*). Te oordeel na studente se terugvoer ná die geleentheid het hulle die relevansie van die inhoud en die saamkuier waardeer.

*Foto's met vergunning van André Engelbrecht*



## 2.12 Studente leer van medemenslikheid

| Faculty | 2022 | 2023 |
|---|---|---|
| AgriSciences | 16 | 17 |
| Arts and Social Sciences | 37 | 52 |
| Economic and Management Sciences | 24 | 21 |
| Education | 4 | 14 |
| Engineering | 6 | 17 |
| Law | 14 | 43 |
| Medicine and Health Sciences | 27 | 223 |
| Military Sciences | 2 | 2 |
| Natural Sciences | 8 | 29 |
| Theology | 5 | 15 |
| Staff | 0 | 7 |
| **Total** | **143** | **440** |

Die eerste van sewe sessies in die kursus Medemenslikheid, 'n interdissiplinêre ervaringsleergeleentheid vir studente om komplekse wêreldkwessies van nader te ondersoek, is op 16 Maart aangebied. Die sessies is saamgestel volgens sewe temas (konteks, geskiedenis, wetenskap en tegnologie, gesondheid, die regte, indompeling, en burgerlike leierskap).

Altesaam 440 studente, waaronder 223 eerste- en tweedejaars van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, het van die geleentheid gebruik gemaak (*sien uiteensetting links*).

Studente het sedertdien al sessies met prof Jonathan Jansen en Stefaans Coetzee (onderwys), dr Mpho Tshivase (wetenskap en tegnologie), prof Wikus van Niekerk (ingenieurswese) en prof Tulio de Oliveira (gesondheid) bygewoon. Hulle werk tans saam met 'n menseregteorganisasie van hulle keuse om hulle vaardighede op die terrein van sosiale entrepreneurskap en ontwerpdenke te slyp en kampvegters vir sosiale geregtigheid te word.

## 2.13 Meesterklasse in studenteleierskap ondersoek die leierskapsfilosofieë van Afrika

Die Frederik Van Zyl Slabbert (FVZS) Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling het verlede jaar 'n meesterklasreeks met kort dog kragtige leergeleenthede van stapel gestuur. Die sessies bevorder diepgaande studie van studenteleierskapskwessies op plaaslike, nasionale, vastelands- en wêreldvlak. Die meesterklasreeks konsentreer veral op die eiesoortige leierskapsfilosofieë van Afrika. Vir dié doel bestudeer studente 'n bepaalde aktuele tema onder leiding van gevierde vakkenners van Afrika. Die temas vir 2023 is "Die diverse wortels van Afrikaleierskap" en "Demokrasie en die betrokke burger". 'n Geskatte

750 studente sal vanjaar die reeks voltooi en kan kies om erkenning daarvoor op hulle akademiese transkrip te ontvang.

## 3. Doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke

### 3.1 SACEMA bevorder poliosamewerking in Suider-Afrika

As deel van hulle risikomodellering- en vermoëbouprojek vir poliobestryding in Suid- en Suider-Afrika, het ons Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modellering en Ontleding (SACEMA) 'n nuwe beleidsmodelleringsgenootskap bekend gestel. Vyf genote van Eswatini, Malawi, Namibië, Suid-Afrika en Zimbabwe is vir die program gewerf. Hulle sal tegniese opleiding ontvang deur 'n kombinasie van geborgde werksessiebywoning én werk onder leiding van mentors om SACEMA se poliovirusoordragmodel vir hulle onderskeie lande aan te pas. Die borgskap dek ook besoeke aan SACEMA om met ons span saam te werk en ondersteuning te ontvang.

Elke genoot sal 'n projek ontwikkel om beleidskwessies in verband met polio-oordragrisiko in hulle lande te verstaan, en sal by gesprekke met hulle onderskeie regeringsministers en ander belanghebbendes betrek word. Hulle sal ook aan maandelikse virtuele beleidsmodelleringsforums deelneem om gevallestudies vir bespreking met 'n wyer gehoor uit te lig.

### 3.2 Kommersiële vennoot vir siklotronprojek bevestig

Nadat ons die voorgeskrewe tenderproses gevolg het, het ons PET Labs as ons voorkeur-kommersiële vennoot vir die Tygerberg-siklotronprojek geïdentifiseer. PET Labs het uitgebreide ondervinding van die inwerkingstelling en bedryf van toerusting om radiofarmaseutiese middels mee te vervaardig.

'n Aansoek vir R23 miljoen is gevolglik by die Strategiese Fonds (kategorie A) ingedien. Dít sal op sy beurt 'n toekenning van R132 miljoen mobiliseer (PET Labs, Bill & Melinda Gates-stigting, Sentrale Analitiese Fasiliteite) om 'n PET Labs-beheerde kommersiële siklotronfasiliteit en 'n navorsingsradioapteek vir die US tot stand te bring.

Indien die projek slaag, sal dit ons een van slegs twee Suid-Afrikaanse universiteite maak met 'n siklotron vir die vervaardiging van radiofarmaseutiese middels op ons perseel – die Universiteit van Pretoria is die ander een. Betroubare, bekostigbare toegang tot die korthalfleeftyd-isotope wat slegs met 'n siklotron op die perseel gebruik kan word (omdat die verbindings feitlik onmiddellik ná sintese beskikbaar moet wees), sal van onskatbare waarde wees in navorsing en kliniese toepassings, onder meer in die PET-CT-skandeerfasiliteit van ons Nodus vir Infeksiebeelding. Ons sal kliniese proewe kan doen op terreine wat nie tans by ons instelling moontlik is nie, wat geleenthede sal ontsluit vir die ontdekking van geneesmiddels, nuwe diagnostiek en behandelings vir 'n verskeidenheid siektes in die Suid-Afrikaanse bevolking.

### 3.3 Brei ons internasionale vennootskapsnetwerk uit

US Internasionaal is vanjaar gasheer vir 17 **inwaartse internasionale kortprogramme**. Die programme val op verskillende akademiese terreine, en in sommige gevalle vergesel personeellede van die onderskeie universiteite die studente na Stellenbosch. Ons het van Maart tot die middel van Mei reeds groepe van Northwestern-universiteit (Verenigde State), Linnaeus-universiteit (Swede), die Noord-Carolina-staatsuniversiteit (Verenigde State),

MCI Bestuursentrum Innsbruck (Oostenryk), die Universiteit van Georgia, die Universiteit van Alabama en Christopher Newport-universiteit (ál drie in die Verenigde State) ontvang.

’n Raadsvergadering van die **Internasionale Netwerk van Universiteite (INU)** het van 10 tot 12 Maart by ons instelling plaasgevind. Onder diegene wat die twee dae lange byeenkoms bygewoon het, was verteenwoordigers van die Universiteit van Hiroshima (Japan), De Montfort-universiteit (Verenigde Koninkryk), James Madison-universiteit (Verenigde State), die Europese Universiteit Viadrina (Duitsland), Kingston-universiteit Londen (Verenigde Koninkryk), Universitas Katolik Parahyangan (Indonesië) en Tecnológico de Antioquia (Colombia). Daar is by die vergadering besluit dat die INU-presidensie van 2023 tot 2025 by die US gesetel sal wees, en ons Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake sal vir dié tyd as president optree.

Die byeenkoms van die **Stellenbosch Internasionale Akademiese Netwerk (SIAN)** van 13 tot 17 Maart het meer as 100 internasionale verteenwoordigers van oor die 70 universiteite wêreldwyd gelok. Deelnemers het beraadslaag oor onderwerpe soos multilaterale en bilaterale Afrikavennootskappe, die benutting van multilaterale samewerking om bilaterale vennootskapskapitaal te bou, en Europese en Afrikasienings oor die volhoubare ontwikkelingsagenda en die hoër onderwys. Werksessies oor die internasionalisering van die kurrikulum en studentewerwing is ook aangebied.

Ook in Maart het ons by STIAS ’n netwerkmiddagete vir Belgiese en Wes-Kaapse universiteite aangebied om met die **Suid-Afrikaanse besoek van die Belgiese koninklikes** saam te val. Ons het van dié geleentheid gebruik gemaak om vyf institusionele ooreenkomste met Belgiese vennootuniversiteite, naamlik KU Leuven, VU Brussel, die Universiteit van Antwerpen, UCLouvain en die Universiteit van Gent, te onderteken.

Laastens het die Universiteit van Wes-Kaapland van 29 tot 31 Maart ’n suksesvolle byeenkoms van die **Suid-Afrikaanse Sweedse Universiteitsforum (SASUF)** aangebied. Die 350 afgevaardigdes van Suid-Afrika en Swede het sewe US-akademici ingesluit, van wie vyf hetsy ’n vooraf-satellietgeleentheid, ’n plakkaat of ’n werksessie aangebied het. Ek en die Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake het ook aan die gelyklopende SASUF-leierskapsforum deelgeneem om die pad vorentoe vir die SASUF-projek te help beplan.

### 3.4 Taalsentrum ’n vennoot in internasionalisering

’n Kohort Franse bestuurstudente het in Februarie in samewerking met US Internasionaal se Sentrum vir Globale Skakeling met die semesterkursus English for Academic Purposes begin. Daarbenewens het studente van ’n verskeidenheid lande soos Angola, Chili, China, die Kongo, Ethiopië, Gaboen, Italië, Saoedi-Arabië en Swede blok 1 van die program Intensive English voltooi en na blok 2 aanbeweeg.




**3.5 Skenking van Motsepe-stigting help SR toegang verbreed**

Die Motsepe-stigting het die studenteleiers van ál 26 openbare universiteite in die land by ’n geleentheid in Johannesburg ontvang om hulle by te staan in hulle pogings om medestudente in nood hulle studiegeld en uitstaande studieskuld te help betaal. By die US val hierdie werk onder die Studenteraad (SR) se veldtog #Access4All, wat R800 000 van die Motsepe-stigting ontvang het. Die tjek is aan ons SR-ondervoorsitter, William Sezoe, oorhandig (*sien foto*). Die SR het daarna ’n bykomende R150 000 uit hulle reserwegeld aan die veldtog toegesê. Gevolglik kon #Access4All ’n totaal van R950 000 skenk waarmee ons studieskuldwerkgroep studente se uitstaande skuld kan vereffen. Die werkgroep, met die Registrateur as voorsitter en koördineerder, moniteer studieskuld en werk voortdurend aan strategieë om finansiering te verhoog om studente hulle universiteitskuld te help afbetaal.

**3.6 US-personeel en -studente leer by sportwetenskaplike van Limerick**

Dr Ian Sherwin van die Universiteit van Limerick (Ierland) het in Maart ’n suksesvolle besoek by die US afgelê. Danksy die Erasmus Mundus-navorsingstoekenning aan die US en Limerick, kon hy met verskeie hoofafrigters in alle sportsoorte by ons instelling werk. Hy het ook ’n uiters insiggewende lesing oor afrigtingstyle en -kommunikasie vir ons hoëprestasie-afrigters, personeel en Afrigtingspesialisasie-derdejaars in die Departement Sportwetenskap aangebied.

**3.7 Vennootskapsooreenkoms vir US Sentrum teen Geslagsgebaseerde Geweld onderteken**

Die US en die Ring for Peace (RfP) Cape Trust het op 23 April ’n vennootskapsooreenkoms vir die stigting en bedryf van die US Sentrum teen Geslagsgebaseerde Geweld op die Botmashoogte-perseel onderteken. Hierdie moontlike nasionale vlagskipprojek behels ’n omvattende openbare-privaat vennootskap tussen die US, die Nasionale Vervolgingsagentskap, Mediclinic en andere.

**3.8 Biblioteek en CliMigHealth-sentrum werk saam om menslike impak van klimaatsverandering te toon**

As deel van die bekendstelling van die CliMigHealth-Stellenbosch Afrikasentrum, het die US Biblioteek van 24 tot 30 Maart die foto-uitstalling “Strength and resilience in the Western Cape” aangebied. Ons Skool vir Klimaatstudie en die Universiteit van Gent in België het saamgewerk om die uitstalling van foto’s deur die Suid-Afrikaanse fotojoernalis en visuele kunstenaar Gulshan Khan saam te stel. Sodoende het die Biblioteek help bewustheid skep van die uitdagings wat kwessies van klimaatsverandering, gesondheid en mobiliteit vir die mensdom inhou.

# 4. Genetwerkte en samewerkende onderrig en leer

**4.1 Leer meer oor onderrig by Auxin-sessies**
Emeritus professor Chrissie Boughey het vir die tweede Auxin-sessie van 2023 aan die einde van Maart ’n aanbieding oor kritikaliteit en sosiale geregtigheid gelewer. Prof Boughey het ’n beroep op dosente gedoen om “nuut te dink oor hulle werk sodat hulle gegradueerdes kan toerus om tot die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van ons land by te dra”. Vir die derde sessie twee weke later het kollegas van die Sentrum vir Onderrig en Leer met die Sentrum vir Leertegnologieë saamgewerk om ’n praatjie oor ChatGPT in onderrig, leer en assessering aan te bied.

**4.2 Uitnodiging om deel te word van EUTOPIA-leergemeenskap**
Die US is genooi om deel te neem aan die leergemeenskap oor meertaligheid en diversiteitsleer van die EUTOPIA-alliansie, ’n groep van tien eendersdenkende Europese universiteite. Die leergemeenskap staan onder leiding van prof Jo Angouri van die Universiteit van Warwick, wat kontak tussen vennote fasiliteer en hulle gemeenskaplike hulpbronne en gesamentlike oorkampusaktiwiteite help ontwikkel. Die Taalsentrum het opdrag ontvang om akademiese vennote by die US te identifiseer wat daarin sou belang stel om meertaligheidsaktiwiteite by hulle klasse in te sluit, en dr Kim Wallmach, direkteur van die Taalsentrum, dien as die kontakpunt.


**4.3 Gesamentlike aanlyn werksessies oor inklusiewe onderrig kry goeie aftrek**
Verskeie personeellede van die Taalsentrum het op 24 Maart ingeskakel vir nóg ’n stel aanlyn EQUiiP-werksessies (“Educational Quality at Universities for Inclusive International Programmes”) oor inklusiewe onderrig, wat die Universiteit van Groningen (Nederland) en die US gesamentlik gefasiliteer het. Die werksessies – ’n voortsetting van die eerste twee sessies oor inklusiewe onderrigpraktyke wat onderskeidelik in Junie en Oktober 2022 gehou is – het gehandel oor die implikasies van klaskamerdiversiteit en -insluiting vir die fasilitering van groepwerk. Deelnemers het veral aandag geskenk aan hoe om interkulturele dinamiek te fasiliteer met die oog daarop om sinvolle interaksie tussen studente uit diverse kulturele en taalomgewings in die hand te werk. Dr Vernita Beukes van die Taalsentrum het ook inhoud vir van die werksessies help skep.

**4.4 Afrika-instellings bespreek kunsmatige intelligensie en akademiese integriteit**
Die Afrika Digitale Universiteitsnetwerk (ADUN) in ons Sentrum vir Leertegnologieë het op 20 en 21 April die aanlyn kollokwium “Sosiale geregtigheid in die digitale kontekste van Afrika” aangebied. Deelnemers van 19 hoëronderwysinstellings (tien van Suid-Afrika en nege van die res van die vasteland) het ingeskakel vir die twee werksessies “Deernisvolle assesseringsontwerp met kunsmatige intelligensie” en “Akademiese integriteit en produksiepedagogieë”. Aanbiedings het gehandel oor onderwerpe soos digitale tegnologie en inklusiwiteit, oop opvoedkundige praktyke, generatiewe kunsmatige intelligensie en sosiale geregtigheid, en vlugtelinge en kontekstuele ontwerp en bystand. ADUN se tema van sosiale geregtigheid sal in die tweede semester verder verken word in die seminaarreeks “Dekolonisasie van opvoedkundige tegnologie”, waarna vooraanstaande vakkundiges van die Wes-Kaap genooi sal word.

# 5. Navorsing vir impak

### 5.1 Al hoe meer NNS-gegradeerde wetenskaplikes

Ons het teen 18 April altesaam 500 navorsers met ’n gradering van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) gehad. As gevolg van vertragings in die NNS-graderingsproses verwag ons dat dié getal nog verder sal styg. Ons gegradeerde navorsers het sedert 2013 met 58% toegeneem (*sien hier onder*).




Ons gegradeerde vakkundiges bestaan uit 21 met A-graderings, 115 met B-graderings, 273 met C-graderings, 90 met Y-graderings en een met ’n P-gradering. Volgens vanjaar se uitgawe van die Research.com-ranglys van die beste wetenskaplikes op die terrein van ekologie en evolusie is ons jongste A-gegradeerde navorser, prof Guy Midgley, nie net sewende in Suid-Afrika nie, maar ’n skaflike 616$^{de}$ wêreldwyd. Prof Midgley het ook Research.com se toekenning vir die ekologie- en evolusieleier van 2023 ontvang.

Vir die aansoekrondte wat in Februarie gesluit het, het ons 83 graderingsaansoeke ingedien. Daarvan was 37 nuwe graderingsaansoeke, en die res was aansoeke om die herevaluering van ’n huidige gradering.

### 5.2 Digitale platform om met ons impakryke navorsing te spog

Op ons nuwe webblad Navorsing vir Impak gebruik ons beste praktyk uit die wêreld van digitale tydskrifte om ons navorsingsuitsette ten toon te stel, en sorg terselfdertyd dat ons inhoud op verskillende digitale toestelle gelees kan word. Treffende foto’s, illustrasies, inligtingsgrafieke, video’s en klankgrepe bied ’n ryk leeservaring. Gereelde bladbywerkings sal die inhoud relevant hou.

### 5.3 Invloedryke navorsing besorg US-vakkundiges groot eer

**Prof Jonathan Jansen**, uitgelese professor in ons Fakulteit Opvoedkunde en voorsitter van die Wetenskapakademie van Suid-Afrika, is tot lid van die gerekende Amerikaanse Akademie vir Kuns en Wetenskap (AAA&S) verkies. Die AAA&S, wat in 1780 gestig is, vereer uitnemendheid en bring leiers van alle vakgebiede byeen om nuwe idees te ondersoek en belangrike kwessies te bespreek. Prof Jansen se verkiesing op 19 April plaas hom nou in die geselskap van vooraanstaande vorige en huidige lede soos John Adams, Benjamin Franklin, Martin Luther King, Georgia O'Keeffe, Madeleine Albright en Colin Powell. Internasionale erelede van die AAA&S sluit in Charles Darwin, Albert Einstein, Winston Churchill, Wislawa Szymborska, Laurence Olivier, Mary Leakey, Gabriel Garcia Márquez, Akira Kurosawa en Nelson Mandela.

Boonop het drie navorsers van ons Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) toekennings vir wetenskaplike uitnemendheid van die Suid-Afrikaanse Mediese

Navorsingsraad ontvang. **Prof Elmi Muller** (*direk regs*), FGGW-dekaan en oorplantingchirurg, het 'n goue medalje ontvang. Dít is een van die grootste eerbewyse aan senior wetenskaplikes wie se invloedryke bydraes 'n positiewe impak op die gesondheid van veral diegene in die ontwikkelende wêreld het. 'n Silwer medalje is toegeken aan **prof Samantha Sampson** (*onder*) van die Afdeling Molekulêre Biologie en Mensgenetika. Die silwer medalje gaan aan ontluikende wetenskaplikes wat verbind is tot vermoëbou en wat binne tien jaar nadat hulle 'n PhD verwerf het 'n belangrike wetenskaplike bydrae gelewer het.




**Dr Wynand Goosen** (*bo regs*), 'n nadoktorale genoot in die FGGW se navorsingsgroep oor dieretuberkulose, het 'n brons medalje ontvang. Ontvangers van dié medalje het onlangs die navorsingswêreld betree en toon potensiaal vir leierskap, vermoëbou, die skryf van navorsingsvoorstelle, en transformasie.

### 5.4 CERI-navorsing sal risikogemeenskappe in Afrika suid van die Sahara baat

Die direkteur van Bevolkingsgesondheidsinnovasie in die US se Sentrum vir Epidemiereaksie en -innovasie (CERI), prof Frank Tanser, het 'n aansienlike navorsingstoekenning vir vyf jaar ontvang om nuwe MIV-voorkomingsprogramme vir risikogemeenskappe in Afrika suid van die Sahara te ontwikkel. Die toekenning van $2,2 miljoen (ongeveer R40 miljoen) van die Verenigde State se Nasionale Gesondheidsinstitute sal gebruik word om groepe te identifiseer wat gevaar loop om die virus op te doen, en om gepaste intervensiestrategieë te ontwerp.

CERI en KRISP (die KwaZulu-Natalse platform vir navorsingsinnovasie en genoomvolgordebepaling) by die Universiteit van KwaZulu-Natal reik ook 'n nuusbrief uit om hulle werk toegankliker vir die algemene publiek te maak.

### 5.5 SciSTIP konsolideer navorsing




Die DWI-NNS Sentrum van Uitnemendheid in Scientometrie en Wetenskap-, Tegnologie- en Innovasiebeleid (SciSTIP) by die US het hulle navorsingsaktiwiteite tot 'n kleiner getal fokusgebiede gekonsolideer (*sien diagram*).

Die Sentrum werk tans aan vyf megaprojekte, naamlik:

- scientometriestudies van 13 basiese wetenskappe (in opdrag van die Departement Wetenskap en Innovasie);
- bewysgegronde gesprekke oor hoëronderwys- en

wetenskap-, tegnologie- en innovasiebeleid (op eie inisiatief en met finansiering van die Oppenheimer-gedenktrust);
- 'n nasionale studie van nadoktorale genote in Suid-Afrika (in opdrag van die NNS);
- die ontwikkeling en ontleding van 'n publikasiegehalteraamwerk vir DHOO-gesubsidieerde publikasies (op eie inisiatief en met finansiering van die DHOO); en
- 'n vergelyking van die wetenskaplike aktiwiteite van diegene wat NNS-toekennings ontvang (in opdrag van die NNS).

**5.6 SACEMA-studies lei tot impakryke publikasies**

Publikasiehoogtepunte van ons Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modellering en Ontleding (SACEMA) die afgelope tyd sluit in:

- Cohen, C en JRC Pulliam, "COVID-19 infection, reinfection, and the transition to endemicity", *The Lancet*, https://doi.org/10.1016/S0140-6736(22)02634-4 [op uitnodiging]; en
- Brown, LR, C van Schalkwyk, AK de Villiers en FM Marx, "Impact of interventions for tuberculosis prevention and care in South Africa - a systematic review of mathematical modelling studies", *South African Medical Journal*, https://doi.org/10.7196/SAMJ.2023.v113i3.16812.

**5.7 SciByte-gespreksdokument ondersoek PhD-profiele van akademici in Suid-Afrika**

Die US se jongste SciByte-gespreksdokument bepaal waar Suid-Afrikaanse akademici trek wat betref die Nasionale Ontwikkelingsplan se mikpunt dat 75% van akademici teen 2030 oor 'n doktorsgraad moet beskik. Die dokument deur dr Milandré van Lill is interessante leesstof en bied 'n omvattende uiteensetting van die wyd uiteenlopende PhD-profiele in die verskillende vakrigtings.

Die doel van die SciByte-reeks, 'n produk van SciSTIP, is om gereeld bewysgegronde verslae oor die een of ander aspek van die Suid-Afrikaanse wetenskap- en innovasiestelsel uit te reik. Die dokumente is in 'n eenvoudige styl geskryf om so toeganklik moontlik vir die algemene publiek te wees. Om by die verspreidingslys vir toekomstige uitgawes ingesluit te word, e-pos Marthie van Niekerk by mvn3@sun.ac.za.

**5.8 Nóg 'n belangrike navorsingsleerstoel aan die US toegeken**

Die leerstoel in interkulturele vaardighede van die Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie (UNESCO) is aan ons toegeken. Die leerstoel sal in US Internasionaal se Afrikasentrum vir Akademieskap (ACS) geleë wees. 'n Uitgelese genoot van die Verenigde State wat nou aan die US verbonde is, dr Darla Deardorff, sal die leerstoel saam met ACS-direkteur prof Sarah Howie beklee. Dr Deardorff is 'n wêreldbekende deskundige oor interkulturele vaardigheid, en prof Howie is deeglik onderlê in die integrasie van interkulturele vaardighede, opvoedkundige navorsing en vermoëbou in Afrika.

Die leerstoel, wat vir vier jaar tot en met 2027 toegeken is, maak deel uit van die wêreldwye leerstoelprogram van UniTWIN ("University Twinning and Networking")/UNESCO, wat uit 'n netwerk van sowat 900 instellings in meer as 120 lande bestaan.

Die amptelike bekendstelling van die UNESCO-leerstoel sal in Augustus plaasvind.

**5.9 ANO begeester en bou vermoë**

Die Afdeling Navorsingsontwikkeling (ANO) het onlangs die eerste openbare lesing in hulle reeks "Beweeg vorentoe met navorsing vir impak" aangebied. Die spreker,

prof Azrini Wahidin, 'n besoekende genoot in ons Sentrum vir die Studie van die Nadraai van Geweld en die Soeke na Herstel (AVReQ), het die ervarings van voormalige vrouevegters in die Noord-Ierlandse konflik, oftewel "the Troubles", van nader bekyk.

Dít is benewens ANO se gereelde inligting- en vermoëbousessies vir sowel nuweling- as gevestigde navorsers.

**5.10 Biblioteek ontwikkel knap navorsers**
Die Biblioteek en Inligtingsdiens se werksessiereeks #SmartResearcher maak nagraadse studente, ontluikende navorsers en akademiese personeellede touwys in die verskillende elemente van die navorsingsproses en die fases van die nagraadse navorsingsreis. Altesaam 332 nagraadse studente en navorsers het van Februarie tot Maart vir die regstreekse uitsending van die webinare ingeskakel, terwyl die aanlyn video's teen 15 April 188 keer gekyk is.

**5.11 Ooptoegangpublikasie bevorder navorsingsverspreiding**
Deur ons Biblioteek en Inligtingsdiens se lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek- en Inligtingskonsortium (SANLiC) het ons die afgelope twee jaar ooreenkomste bereik met 'n aantal uitgewers wat 'n aansienlike afslag op artikelfooie vir ooptoegangpublikasie bied óf die fooie in sommige gevalle heeltemal kwytskeld. Ooptoegangpublikasie is 'n nuttige instrument om die sigbaarheid van ons navorsing te verhoog en die US se navorsingsprofiel te bou.

Meer as 4 400 hibridiese en 550 ten volle ooptoegangtydskrifte is tot dusver vanjaar bygevoeg by die lys titels waarin US-outeurs gratis ooptoegangartikels kan publiseer. Dít bring die totale getal hibridiese tydskrifte wat vir US-outeurs toeganklik is op meer as 7 300 te staan.

# 6. Voorkeurwerkgewer

**6.1 Voortdurende selfondersoek deur US-omgewings**
Verskillende omgewings van ons universiteit onderneem elke vyf jaar 'n proses van selfevaluering en -besinning. Ons Afdeling Studentesake se vorige selfevaluering het in 2017 plaasgevind, en dus is dit weer tyd vir die Afdeling om die gehalte van hulle werk en prosesse te evalueer en gebiede vir verbetering uit te wys. Die Sentrum vir Akademiese Beplanning en Gehalteversekering in die Afdeling Leer en Onderrigverryking sal deurgaans leiding en bystand bied.

**6.2 Professionaliseer ons huisvestingspersoneel**
As deel van die Sentrum vir Studentegemeenskappe se werk om alle studentehuisvestingspersoneel te professionaliseer, is vier van ons koshuishoofde van 12 tot 16 April vir die programme van die Roelf Visser-studentehuisvestingsopleidingsinstituut ingeskryf (*groepfoto langsaan*). Een het die program Basiese Studentehuisvestingsopleiding voltooi, en die res die kursus Gevorderde Studentehuisvestingsopleiding. Van die onderwerpe wat in die twee programme behandel is, sluit in begrotingsontwikkeling en hulpbronne,



die bepaling van studentebehoeftes, veranderingsbestuur, diversiteitsbewustheid, politieke aanvoeling, fasiliteitsbestuur, en beleidsontwikkeling en -implementering.

Die opleidingsinstituut word aangebied deur die Suid-Afrikaanse afdeling van ACUHO-I, 'n beroepsvereniging wat die werk van huisvestings- en koshuisleweberoepslui by hoëronderwysinstellings wêreldwyd ondersteun. Pieter Klopper, die direkteur van ons Sentrum vir Studentegemeenskappe, was deel van die tussentydse komitee wat die Suid-Afrikaanse afdeling in 2006 gestig het. Vandat ons tot ACUHO-I behoort, het ons koshuishoofde, ko-kurrikulêre kenners en ander huisvestingspersoneel al aan verskeie werksessies, institute en konferensies in Suid-Afrika en elders deelgeneem en hulle navorsing daar aangebied.

**6.3 IT 'n kampvegter vir vrouepersoneel**
Die Afdeling IT het begin om hulle menslikehulpbronbeleid by te werk om vroue wat van kraamverlof terugkeer formeel te ondersteun. Sodra dit goedgekeur is, sal IT die eerste US-omgewing wees om 'n inisiatief van hierdie aard in werking te stel.

**6.4 Maties Sport stel nuwe Sportleierskap-hoof aan**
Maties Sport se nadoktorale genoot, dr Nana Adom-Aboagye, is as die nuwe hoof van die Sentrum vir Sportleierskap aangestel. 'n Aantal opwindende projekte, waaronder navorsingsgenootskappe en vennootskappe, word reeds beplan. Dít volg nadat die vorige Sentrumhoof die US in September 2022 verlaat het om nuwe geleenthede in Edinburgh, Skotland, te verken.



**Prof Wim de Villiers,**

**Rektor en Visekanselier**

## MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE (24 Februarie tot 5 Mei 2023)

### Meningsartikels

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Abel Esterhuyse | Strategiese Studies | Die baie lang kort oorlog | Rapport (26 Feb) |
| Prof Mark Tomlinson | Instituut vir Lewensloop-gesondheidsnavorsing | Rotten to the core — corruption has infested virtually every aspect of the ANC | Daily Maverick (26 Feb) |
| Prof Mark Swilling | Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange | The game-changer for SA energy in the Budget Speech — and the fight we have on our hands | Daily Maverick (28 Feb) |
| Prof Tanya de Villiers-Botha | Sentrum vir Toegepaste Etiek | Risks and limitations of ChatGPT and Bing Chat? | News24 (28 Feb) |
| Dr Tristen Taylor | Filosofie | In just 10 months El Salvador eradicated gangsterism, at a price | Business Live (28 Feb) |
| Dr Gibson Ncube | Moderne Vreemde Tale | Dance Me to the End of Time: South African film on death is a powerful celebration of life | The Conversation (1 Mrt) |

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Mark Smith | Stellenbosch Bestuurskool | SA launches four-day work week pilot with 30 companies | Business Live (1 Mrt) |
| Dr Jeannette de Klerk-Luttig | Eenheid vir Morele Leierskap | Waarheen is ons op pad met SA se kinders? | Beeld (2 Mrt) |
| Dr Francis Vorhies | Afrika-instituut vir Natuurlewe-ekonomie (AWEI) | A global mission has finally begun to promote sustainable wildlife use for current and future generations | Daily Maverick (2 Mrt) |
| Prof Michael Samways | Bewaringsekologie en Entomologie | Win-win strategy needed to save nature | Cape Times (2 Mrt) |
| Prof Tanja Bosch<br><br>Prof Herman Wasserman | Universiteit van Kaapstad<br><br>Joernalistiek | Tabloid newspapers are seen as sensationalist - but South Africa's *Daily Sun* flipped that script during COVID-19 | The Conversation (3 Mrt) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | South Africa is exporting more food. But it needs to find new growth frontiers | The Conversation (3 Mrt) |
| Prof Lindy Heinecken | Sosiologie en Sosiale Antropologie | Women's voices in the military can no longer be ignored | Cape Times (7 Mrt) |
| Dr Linda Zuze | Vereniging vir die Ontwikkeling van Opvoeding in Afrika/Ekonomie | Why is it that school leadership positions are still predominantly hogged by men | Daily Maverick (7 Mrt) |
| Prof Lize Barclay | Stellenbosch Bestuurskool | Elizabeth Holmes's legacy is a stumbling block for female tech founders | Business Live (8 Mrt) |
| Prof Juliana Claassens | Ou & Nuwe Testament | 'Nevertheless, she persisted': The power of feminist memes | News24 (8 Mrt) |
| Dr Corlia Meyer & prof Heidi Prozesky<br><br>Prof Catherine Beaudry | Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (CREST)<br><br>Polytechnique Montréal | Addressing gender disparities in scientific publication | University World News (8 Mrt) |
| Dr Yazied Chothia | Nefrologie | Dialysis for kidney disease is exorbitant and can cost as much as R450 000 per year | News24 (9 Mrt) |
| Catherine Semcer | Eiendom- en Omgewingsnavorsingsentrum/ AWEI | Biden's elephant protection efforts are likely to backfire | Dallas News (11 Mrt) |
| Drs Daan Steenkamp, Hylton Hollander & Roy Havemann | Ekonomie | BIG is neither bigger nor better because there's no free lunch | Business Day (14 Mrt) |
| Prof Willem Boshoff | Sentrum vir Mededingingsreg en Ekonomie | Support competition, support the consumer | Business Live (15 Mrt) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | Robust SA agricultural exports | The Herald (15 Mrt) |
| Frederik van Dyk | Magisterstudent (Regte) | Een man is oukei, maar behoed ons van 'n koshuis vol! | Netwerk24 (16 Mrt) |
| Prof Nicola Smit | Dekaan: Fakulteit Regsgeleerdheid | Our judiciary in South Africa should be more representative | Cape Times (16 Mrt) |
| Emma Davies & dr Reynold Chow | Aardwetenskappe | Pesticide use poses harm to SA's water | Cape Times (17 Mrt) |

| OUTEUR | VAN<br>(omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE<br>(klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Proff Geo Quinot & Sandra Liebenberg | Publiekreg | Report on Stellenbosch University language issue flawed | News24 (18 Mrt) |
| Prof Cas Wepener | Praktiese Teologie en Missiologie | Om poëties te wees in jou protes | Beeld (18 Mrt) |
| Dr Chris Jones | Departement Sistematiese Teologie en Ekklesiologie/ Eenheid vir Morele Leierskap | A call to all men — we must own our role in failing women and children, and our democracy | Daily Maverick (19 Mrt) |
| Prof Nico Koopman | Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel | Human rights are for all, but there must be a prioritisation in justice quests | News24 (21 Mrt) |
| Prof Michael Markovitz<br><br>Prof Herman Wasserman | Universiteit van Pretoria<br><br>Joernalistiek | SA government guilty of linguistic fraud in defending Russia's invasion of Ukraine | Daily Maverick (22 Mrt) |
| Dr Amica Müller-Nedebock | Molekulêre Biologie en Mensgenetika | We're a step closer to learning how misplaced DNA could influence disease risk | The Conversation (22 Mrt) |
| Foster Mohale<br><br>Prof Yogan Pillay | Departement van Gesondheid<br><br>Publieke Gesondheid en Gesondheidstelsels | TB diagnosis, treatment available | Cape Argus (23 Mrt) |
| Gaurang Tanna<br><br>Prof Yogan Pillay | Bill & Melinda Gates-stigting<br><br>Publieke Gesondheid en Gesondheidstelsels | Yes! We can end TB in South Africa | Spotlight (23 Mrt) |
| Prof Brian Allwood | Geneeskunde | The forgotten form of TB that can carry on forever | Financial Mail (23 Mrt) |
| Dr Tom Nyirenda<br><br>Prof Alimuddin Zumla<br><br>Francine Ntoumi | Globale Gesondheid<br><br>University College London<br><br>Universiteit van Tübingen | TB in children isn't being controlled - it's key to fighting the disease for everyone else | The Conversation (23 Mrt) |
| Frederik van Dyk | Magisterstudent (Regte) | SAHRC report: SU law professors' desperate wicket-keeping shouldn't fool anyone | News24 (25 Mrt) |
| Prof Herman Wasserman | Joernalistiek | Media capture and information laundering – China and Russia's propaganda assault on Africa | Daily Maverick (27 Mrt) |
| Dr Francois Cleophas | Sportwetenskap | The South African Council on Sport at 50: the fight for sports development is still relevant today | The Conversation (28 Mrt) |
| Drs Dillion Wademan & Lario Viljoen | Desmond Tutu TB-sentrum | Children with TB deserve a better deal | Cape Times (29 Mrt) |
| Dr Leslie van Rooi | Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie | Soccer on the 'voorgras' shows the way forward for SA | News24 (31 Mrt) |
| Dr Sishuwa Sishuwa | Geskiedenis | Africa's relationship with world powers | Mail & Guardian (31 Mrt) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | No, Competition Commission, food firms aren't exploiting the poor | Sunday Times (2 Apr) |

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Johann Kirsten | Buro vir Ekonomiese Ondersoek | | |
| Dr Tristen Taylor | Filosofie | Ugandan thoughtcrime and SA home affairs bigotry | Business Live (3 Apr) |
| Tian Alberts | Magisterstudent (Regte) | Wailing over Maties' English-only policies losing steam will be of no consequence | Daily Maverick (4 Apr) |
| Prof Mark Tomlinson | Instituut vir Lewensloop-gesondheidsnavorsing | Health systems must recognise the interdependence of humans, animals and the environment | Daily Maverick (5 Apr) |
| Dr Francois Cleophas | Sportwetenskap | Still no easy road for peace, development through sport | Cape Times (6 Apr) |
| Prof Mark Swilling | Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange | Extending life of ageing coal-fired stations – anti-renewables policy incoherence could cost trillions | Daily Maverick (11 Apr) |
| William Sezoe | BEd-student | Om te trap vir menswaardigheid | LitNet (13 Apr) |
| Prof Gerhard Walzl | Molekulêre Biologie en Mensgenetika | Stellenbosch University unveils R1.2-billion investment in biomedical science for Africa | Daily Maverick (13 Apr) |
| Prof Cas Wepener | Praktiese Teologie en Missiologie | Kyk mooi – ook na jouself | Die Burger (15 Apr) |
| Prof Jason Bantjes<br><br>Prof Leslie Swartz | Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad/Instituut vir Lewensloop-gesondheidsnavorsing<br><br>Sielkunde | Despite dire warnings, Covid-19 did not cause significant spike in mental health problems | Daily Maverick (17 Apr) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | Co-operative effort needed on biosecurity | Business Day (19 Apr) |
| Prof Pumla Gobodo-Madikizela | Historiese Trauma en Transformasie | Stellenbosch University is white no longer, despite resistance from those who wanted the status quo | Daily Maverick (20 Apr) |
| Prof Sibusiso Moyo | Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie | Universities are engines of innovation and research | Mail & Guardian (21 Apr) |
| William Sezoe | BEd-student | Where are SU staffers when students are protesting? | News24 (22 Apr) |
| Prof Thuli Madonsela | Sentrum vir Sosiale Geregtigheid | Leading transformation is not for the faint of heart | City Press (23 Apr) |
| Prof Owen Dean | Anton Mostert-leerstoel in intellektuele eiendomsreg | Banks must stop pulling a Pontius Pilate and washing their hands of their clients' plights | Daily Maverick (23 Apr) |
| Prof Owen Dean | Anton Mostert-leerstoel in intellektuele eiendomsreg | Rationale of copyright exceptions | News24 (26 Apr) |
| Prof Janis van der Westhuizen | Politieke Wetenskap | Is Brics expansion SA's Pandora's box? | Business Day (26 Apr) |
| Nico Koopman | Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel | Still unfree in an apparently 'free' SA | Cape Times (26 Apr) |
| Dr Chris Jones | Departement Sistematiese Teologie en Ekklesiologie/ Eenheid vir Morele Leierskap | From hope to anger - why is South Africa changing? | News24 (27 Apr) |

| OUTEUR | VAN<br>(omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE<br>(klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Mias de Klerk | Stellenbosch Bestuurskool | Freedom Day: I think, therefore I am free | Mail & Guardian (27 Apr) |
| Prof Haroon Bhorat & Timothy Köhler<br><br>David de Villiers | Universiteit van Kaapstad<br><br>Universiteit van Kaapstad/ Ekonomie | Special Covid grants not only provided income relief – they also improved labour market outcomes | Daily Maverick (27 Apr) |
| Prof Hester Klopper | Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake | Partnerships help universities to respond to disruptors | University World News (27 Apr) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | Africa's agricultural paradox — so much potential for farming, so many barriers to success | Daily Maverick (28 Apr) |
| Nicky Newton-King | US Raad | Stellenbosch University has its challenges; governance not one of them | News24 (29 Apr) |
| Prof Yogan Pillay<br><br>Prof Flavia Senkubuge, dr Saiendhra Moodley & dr Suzi Malan<br><br>Dr Lucy Gilson | Publieke Gesondheid en Gesondheidstelsels<br><br>Universiteit van Pretoria<br><br>Universiteit van Kaapstad | Health workers cope with a huge amount of stress - how to build a resilient health system in South Africa | The Conversation (30 Apr) |
| Prof Mark Smith | Stellenbosch Bestuurskool | International Workers' Day — struggle for a healthy, fair and balanced working life | Business Day (1 Mei) |
| Prof Gerhard Kemp | Universiteit van Derby/ Publiekreg | South Africa and the International Criminal Court: what next? | GroundUp (2 Mei) |
| Dr Jane Wiltshire | AWEI | The global ban on the trade in rhino horn does not, and will not, work | Daily Maverick (2 Mei) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | Planting and weather forecasts conspire for solid winter harvests | Business Day (3 Mei) |
| Prof Lizette Rabe | Joernalistiek | World Press Freedom Day – a call to act | News24 (3 Mei) |
| Prof Mark Swilling | Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange | After the flip-flops and zig-zags, is a policy coherence emerging to resolve SA's energy crunch? | Daily Maverick (5 Mei) |

## Rubrieke

| OUTEUR | VAN<br>(omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE<br>(klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Johan Fourie | Ekonomie | As ChatGPT Stef Bos en Shakespeare saamklits | Rapport (12 Mrt) |
| | | Van Riebeeck en die mafia | Rapport (9 Apr) |
| Prof Amanda Gouws | Politieke Wetenskap | Die struggle is tog lankal verby | Netwerk24 (7 Mrt) |
| | | Mbeki skryf dié brief jare te laat | Die Burger (4 Apr) |
| | | Hokaai met dié 'bimbofikasie' | Netwerk24 (18 Apr) |
| | | Dís foutsoeker se denkfoute | Netwerk24 (2 Mei) |
| | Opvoedkundige Sielkunde | SA schools' teaching time | Herald Live (2 Mrt) |

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Jonathan Jansen | | reduced to almost nothing | |
| | | Either varsities cave in or protests persist. Here's a possible way out | Times Live (8 Mrt) |
| | | Noxolo Kiviet is not the first and won't be the last: will we ever learn? | Times Live (15 Mrt) |
| | | When did SAHRC become the human right-wing commission? | Times Live (22 Mrt) |
| | | Bit by bit, South Africans are becoming solutions for others | Times Live (29 Mrt) |
| | | What powerful report gets right and wrong about education in SA | Times Live (5 Apr) |
| | | What do these communities know that we don't? | Times Live (12 Apr) |
| | | ChatGPT makes teachers and lecturers nervous, but it's the shake-up we need | Times Live (19 Apr) |
| | | Nothing to fry when the egg always ends up on the face | Times Live (3 Mei) |
| Prof Nico Koopman | Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel | 'n Gebed vir 'n doodsonde elke week | Die Burger (15 Mrt) |
| | | Ons kry in dié tyd van voor af hoop uit geloof | Netwerk24 (12 Apr) |
| Prof Vasti Roodt | Filosofie | Alles waaraan ons waarde heg is weerloos en ja, verganklik | Rapport (5 Mrt) |
| | | Dié gedeelde eienaarskap is die beste buffer teen geweld | Rapport (19 Mrt) |
| | | So 'n gesprek kan lei tot nuwe denke oor reg en verkeerd | Rapport (2 Apr) |
| | | Jou mening tel, ja, maar jou gegriefdheid veel minder | Rapport (16 Apr) |
| | | Dis ons wat die demokrasie verraai het, nie andersom nie | Rapport (30 Apr) |
| Prof Anton van Niekerk | Filosofie | Uit leed se lesse is lyding verlig | Netwerk24 (28 Feb) |
| | | Dié droom mag nie sterf nie | Die Burger (14 Mrt) |
| | | Dit bedreig nie koshuiservaring | Beeld (28 Mrt) |
| | | Oneindige grens van die horison | Netwerk24 (11 Apr) |
| | | Dít is waar die duiwel skuilhou | Netwerk24 (25 Apr) |
| Dr Leslie van Rooi | Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie | Oom wat 'n pa geword het vir Ainsley Moos | Netwerk24 (27 Feb) |
| | | Suid-Afrikaners gee nie sommer moed op nie | Netwerk24 (17 Mrt) |
| | | Hoe maak ons met 1994? | Netwerk24 (26 Apr) |